

THE COMMISSION RESUMES 22 MAY 1990.

MR McNALLY: Mr Chairman, I had the opportunity yesterday to go to the CCB premises and inspect those of their files that were made available to me. In all I saw 67 files relating to foreign projects and I also saw a number of administrative files, for example they had one project file that concerned the maintenance of the premises from which they operate in Pretoria West. Of these 67 files that I saw in respect of the foreign projects I saw files from each of the various regions and I satisfied myself that all (10) of these 67 projects related exclusively to foreign matters and that they did not have any South African content in them. That is what I have to report about yesterday's findings. Mr Botes is available for cross-examination. Maybe Mr Ferreira would like to place himself on record.

MNR. FERREIRA: Mnr. die Voorsitter, ek het opdrag gekry om mnr. Botes te verteenwoordig, dit is A.C. Ferreira.

PETRUS JACOBUS BOTES nog onder eed:

KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HATTINGH: Mnr. Botes, u het vir die kommissie vertel Donderdag dat u op advies van u regs- (20) verteenwoordigers gaan soek het na dokumentêre staving vir sekere van die stellings wat u gemaak het, onthou u dit? -- Dit is korrek, ja.

U sê u het toe gaan soek en u het toe hierdie geskrewe dokument in die handskrif van Du Plooy gekry wat u dan nou hier aan die kommissie voorgelê het, is dit korrek? -- Dit is korrek, ja.

Nou, benewens daardie dokument wat u gevind het, mnr. Botes, het u enige ander dokumente gevind wat betrekking het op BSB se binnelandse bedrywighede? -- Nee, ek het nie ander

dokumente/. (30)

U kon eintlik nie ander gevind het nie, want u het vir die voorsitter gesê dat hierdie was nie 'n voorbeeld van 'n binnelandse projek nie, maar die enigste een waarvan u kennis gedra het, nie waar nie? -- Dit is korrek.

So, u beskik oor geen tersaaklike dokumentasie met betrekking tot binnelandse bedrywighede van die BSB nie? -- Geen ander as dit wat ek aan die kommissie voorgelê het nie, dit is korrek, ja.

U beskik egter oor verdere dokumentasie, is dit korrek?

-- Wat verband hou met buitelandse operasies, ja.

(10)

Hierdie dokumente was onder andere die onderwerp van 'n geskil gewees tussen u en lede van die bestuur van die BSB, is dit korrek?

Die feit dat u dit in u besit gehad het en dit nie wou oorhandig nie, is dit korrek? -- Nee, dit is nie korrek nie.

Was u gevra om alle dokumentasie wat u besit het met betrekking tot die BSB-bedrywighede te oorhandig? -- Ja, ek was gevra.

Het u dit oorhandig? -- Nee, ek het nie.

Waarom het u dit nie oorhandig nie? -- Dit was die enigste bewys wat ek gehad het van my betrokkenheid by BSB. Ek het geen ander bewyse gehad as dit nie.

(20)

Waarom wou u bewys gehad het van u betrokkenheid by die BSB? -- Aangesien ek en Joe Verster Augustus verlede jaar in 'n argument betrokke was waar hy gedreig het om my dood te maak of my te laat doodmaak, en op daardie stadium ek geen ander bewys as dit gehad het om betaling vir die lede betrokke asook vir myself te beding nie. In 'n hof kon ek dan slegs, indien ek hierdie dokumentasie sou oorhandig, gaan staan en 'n

storie vertel/..

hoegenaamd nie. Dit is die rede hoekom ek dit gehou het.

Ek verstaan u nou nie mooi nie, mnr. Botes, ek is jammer. U gee nou twee redes. Een is die feit dat mnr. Verster gedreig het om u dood te maak. -- Dit is korrek.

En twee is die feit dat u hierdie dokumentasie benodig het vir die bewys van eise, is dit korrek? -- Dit is korrek. Die rede daarvoor is voor die argument tussen my en Verster was daar geen rede hoekom ek 'n bewys nodig gehad het om te sê betaal my mense nie. Na ek en Verster gestry het, het ek 'n versoek gerig. Op 7 Desember het ek 'n dokument aan generaal Joep Joubert oorhandig (10) waarin ek gespesifiseer het, waarin ek gevra het, na hy onderneem het om as bemiddelaar op te tree, dit is hoekom ek hierdie dokumentasie gehou het.

Maar hoekom noem u dan die feit dat mnr. Verster u gedreig het met die dood as 'n rede waarom u hierdie dokumente behou het? -- Dit is die rede hoekom ek by BSB weg is. Andersins sou ek nie by BSB weggegaan het nie.

Nee, mnr. Botes, u het die feit dat u gedreig was met die dood genoem as 'n rede waarom u nie dokumentasie wou oorhandig nie. -- Korrek. Die rede daarvoor was, dit is hoekom ek BSB verlaat (20) het en ek het geen ander staving gehad, anders as die dokumentasie nie. Dit is hoekom ek ...

Staving vir wat? -- Vir dit wat ek op daardie stadium voor beding het. Ek was op daardie stadium in gesprekvoering met generaal Webb oor die onderwerp, spesifiek my eie betaling, geld verskuldig, asook geld verskuldig aan lede wat betrokke was by operasies wat vir my gewerk het in die buite-land.

Wat het/..

Wat het dit te doen met die feit dat mnr. Verster u met die dood gedreig het, mnr. Botes? -- Dit het daarmee te doen dat dit

die rede is ...

Wat het dit daarmee te doen? Vertel vir ons. Ek verstaan nie mooi hoekom u dokumentasie moes hou omdat hy u met die dood gedreig het nie. -- Hy het my met die dood gedreig. Die rede hoekom ek die dokumentasie gehou is ek het geen ander bewys gehad nie.

Alle lede van BSB na dit was opdrag gegee om kontak met my - direkte lede van BSB - om kontak met my te verbreek.

VOORSITTER: Nee, ek het u gevolg op antwoord op mnr. Hattingh se vraag u het gesê - dit is wat mnr. Hattingh u vra, u het gesê, dit is wat mnr. Hattingh u vra, u het gesê dat u het die dokumente (10) gehou onder andere omdat mnr. Verster u met die dood gedreig het. -- Dit is korrek.

Nou vra mnr. Hattingh wat is die verband tussen die dokumente en die dreigement? -- Die enigste man wat andersins sonder dokumentasie ter staving van dit kon instaan, wat ek dan sou beweer het, was mnr. Verster in persoon. Sou ..

Ek is jammer, ek verstaan nie wat u sê nie. -- Wat ek vir u probeer sê is dit, sou ek dan vorendag kom en sê ek het 'n probleem, u is R10 aan my verskuldig, hipoteties, dan was die enigste man wat dan sonder enige dokumentasie kon bevestig dat dit wel so is, (20) mnr. Joe Verster. Dit is wat ek probeer sê.

Nee, wat mnr. Hattingh sê is wat het dit met die doodsdreigement te doen? -- Die doodsdreigement het veroorsaak dat ek BSB verlaat het op daardie stadium en daardie dispuut direk tussen my en Verster was en sonder dokumentasie ek geen ander bewys gehad het as net Verster nie en die probleem wat ek gehad het, was ek en Verster was in 'n argument betrokke en

hy het/..

dokumentasie. Ek het wel onderneem dat indien hulle my mense oorneem, en ek het dit op skrif, die buitelandse mense wat ek gevoel het niks met die kommissie te doen het nie, dat indien hulle dit oorneem, dan het ek nie 'n pro- bleem met betaling gehad nie. Dan was dit nie vir my nodig om enige dokumentasie te hou nie. Dit is die basis waarop ek dit gedoen het.

MNR. HATTINGH: Kan ek miskien aan u 'n suggestie maak hoekom u gesê het dat die hou van die dokumente verband gehou het met die doodsdreigement? -- Ja, u kan suggereer.

Ek wil dit aan u stel dat u daardie dokumentasie gehou het om wraak te neem teen mnr. Verster. -- Dit is nie korrek nie. (10)

Ek wil dit graag aan die kommissie stel dat my optrede ten opsigte van die hele aangeleentheid was as volg: Ek het 'n prokureur gaan sien by die naam van mnr. Hennie van Zyl waarna ek 'n advokaat gesien het by die naam van mnr. Patrick Ellis waarna ek 'n verdere twee senior advokate gesien het in verband met die aangeleentheid.

Ek het probeer om binne my vermoë volgens reg op te tree. Ek het geen ander manier gehad. Ek het ook met generaal Webb in gesprek getree, ek het met generaal Joep Joubert in gesprek getree, ek het wel onderhandel. Ek het nie probeer wraak neem nie. Ek het pro- beer om dit volgens reg op die mees korrekte manier uit te stryk. Dit was wat ek probeer doen het op daardie stadium. (20)

U het ook nooit teenoor ander lede van die BSB opmerkings gemaak dat u mnr. Verster sou terugkry nie, dat hy sou jammer wees vir wat hy aan u gedoen het en woorde tot daar- die strekking? -- Wat ek gesê het, is die waarheid gaan op

die tafel/..

K62.9

- 1707 -

BOTES

die tafel kom. Ek gaan die waarheid praat en of hy daarvan hou en of hy nie daarvan hou nie, hy gaan die waarheid kry soos wat die waarheid geskrywe staan. (30)

Van watter waarheid praat u nou, mnr. Botes? -- Die waarheid het daarvoor gegaan dat daar was 'n staande prose- dure waarvolgens ons as sulks sou geopereer het wat deur mnr. Verster by tye omseil was. Hy het direk mondelingse opdragte gegee en nie gewerk volgens die stelsel nie. Dit is waaroor dit gegaan het.

En waarom wou u daardie inligting - aan wie wou u daardie inligting oordra? -- Ek het daardie inligting oorgedra.

Aan wie wou u? Het het aanvanklik die dokumentasie neem ek aan vir daardie doel ook gehou, nie waar nie? -- Ek het nie die dokumentasie vir daardie doel gehou nie.

(10)  
Goed, aan wie wou u daardie inligting oordra? Aan wie wou u daardie waarheid gaan verkondig? -- Daardie waarheid wou ek gaan verkondig aan die generaal, generaal Webb, soos ek dit aan hom gestel het. Daar was sekere goed wat hy nie geweet het nie en wat hy teenoor my erken het in 'n finale gesprek, wat hy vir my gesê het - en sy woorde aan my was "Ek het nie geweet nie".

Mnr. Botes, kom ons kom net terug weer tot by die dokumentasie. U is dus nog in besit van dokumentasie van die BSB? -- Met betrekking tot buitelandse operasies en 'n rekening gelewer aan generaal Joubert, Joep Joubert, in persoon, ja.

(20)  
U weet dat daardie dokumentasie behoort aan die BSB? -- Nee, dit is nie waar nie.

Aan wie behoort dit, mnr. Botes? -- Dit behoort op hier- die stadium aan my.

Hoekom? -- Die rede daarvoor het ek vir u reeds gegee.

VOORSITTER/..

K62.10

- 1708 -

BOTES

VOORSITTER: Nee, die vraag is wie is die eienaar daarvan. -- Mnr. die Voorsitter, van die dokumentasie is in my eie hand- skrif -  
(30)  
van die dokumentasie - die eienaar? Ek is op die oomblik die eienaar.

U het die dokumente opgestel of gekry as beamppte van BSB is dit nie so nie? Is dit reg? -- Dit is korrek, ja.

Dan weet ek nie of die drie senior advokate u geadvi- seer het nie, dit is mnr. Hattingh se punt, dan behoort dit aan BSB.

Of u dit nou wil hou as 'n bewysstuk is 'n ander vraag en dit is eintlik wat mnr. Hattingh vir u stel. -- As dit so gestel word, behoort dit aan BSB - dan stel ek ek hou dit as bewysstukke. Dit is die rede hoekom ek dit het.

MNR. HATTINGH: Normaalweg moes u daardie dokumentasie ge-  
liasseer het in die registrasiekantore van die BSB, nie waar nie? (10)  
-- Dit is korrek, normaalweg.

U mag nie die dokumentasie vir langer as 'n sekere tyd- perk in u besit gehou het nie, nie waar nie? -- Dit is korrek, ja.

En ten spyte daarvan behou u dit en nou beweer u dit is u eiendom en u weier om dit te oorhandig? -- Dit is korrek, ja. Die rede daarvoor is baie eenvoudig. Op daardie stadium wat ek hierdie dokumentasie gehou het, was ons in 'n situasie waar ek en Verster in 'n situasie was waar hy gedreig het om my te laat doodmaak.

Gedreig het om wat? -- Om my dood te maak of te laat doodmaak. (20)

So, ons is alweer daar. -- Wag, ons gaan daarvandaan. Dit het beteken dat dit was op daardie stadium die rede dat ek nie met Verster gepraat het nie en ek kon op geen ander manier - ek het aangebied om die dokumentasie te oorhandig.

Aan wie/..

K62.11

- 1709 -

BOTES

Aan wie? -- Aan Mike Swarts of Jaco Black. Ek het dit op skrif in sy handskrif. Ek het onderneem om dit ...

VOORSITTER: Mnr. Botes, kan ek u net versoek om nie - en ek dink (30)  
u is baie goed bewus daarvan, ons het dit al verlede keer gesê,  
u is nie veronderstel om mense se identiteit bekend te maak nie

en as u dit weer gaan doen dan gaan ek in camera met die verhoor.

-- Ek sal binne my vermoë probeer om ...

Wel, u kan, want ek bedoel u weet wat die persoon se skuilnaam is.

MNR. HATTINGH: U sê u het dit aan hom aangebied. -- Dit is korrek, ja.

Wat was sy houding gewees? -- Sy houding was hulle sou 'n sekere onderneming teenoor my nakom, hulle het dit geskryf, vanaf BSB-kant. Daarteenoor sou ek teenproduksie lewer in die vorm van onder andere die oorhandiging van sekere dokumentasie, daardie dokumentasie waaroor dit nou gaan. (10)

En beweer u nou dat hy nie sy deel van die ooreenkoms nagekom het nie? -- Dit is korrek, ja.

En daarom het u geweier om die dokumente te oorhandig. -- Dit is korrek, ja.

Kan ons dus aanvaar, mnr. Botes, dat die dokumente wat u wel in u besit het slegs betrekking het op u eise wat u namens uself en namens u onderbou teen die BSB het? -- Ja.

U het nie ander dokumente wat nie daarmee verband hou nie? -- Nee. Laat ek dit so stel, nie dokumente - ander dokumente wat nie met buitelandse operasies verband hou nie. (20)

VOORSITTER: Nee, wat die advokaat vir u vra is, het u dokumente wat nie betrekking het op die eise in u besit nie? -- Ja, ek het.

Nou, hoekom het u hulle? Hoekom hou u hulle? -- Ek het al die/..

K62.12

- 1710 -

BOTES

al die dokumentasie gehou gedurende hierdie dispuut as my bewyse.

Ek het niks anders gehad nie. Dit is hoekom ek al die dokumentasie gehou het en ek het aangebied - ek was genader deur Jaco Black en ek het aangebied en ek het vir hom gesê stel dit op skrif, skryf dit vir my. Ons gaan 'n ooreenkoms aan, ek is bereid om vir (30)



julle alles te gee, my volle samewerking, ek sal niks terughou nie, op voorwaarde julle betaal my self, julle betaal my mense, of julle neem hulle oor. Dit is die basis waarop ek sou onderhandel het. Hulle het nie hulle deel van die kontrak nagekom nie, gevolglik het ek alles binne my besit gehou. Dit is hoekom ek dit gehou het.

VOORSITTER: Ek verstaan nie u logika nie, maar gaan maar voort.

MNR. HATTINGH: Mnr. Botes, heel aan die begin van my kruis-  
ondervraging het u gesê u het die dokumente om twee redes gehou.

Een verstaan ek nie, ek gaan nou nie weer daarmee handel nie. (10)  
Die ander een was om u eise te kon bewys. -- Dit is korrek, ja.

Nou sê u vir die kommissie u het ook dokumentasie wat nie verband hou met die bewys van eise nie. Is dit korrek? -- Goed, kom ons stel dit so ... (tussenbei)

Is dit korrek, mnr. Botes? U het dokumente wat nie verband hou met u eise nie? -- Indirek hou dit wel verband.

U het dit nie nodig om u eise te kan bewys nie? -- Nie noodwendig nie, nee.

Nou, waarom hou u daardie dokumente dan? -- Aangesien ons 'n ooreenkoms aangegaan het waarvolgens ek my volle same-  
werking (20)  
aangebied het.

Mnr. Botes, wanneer het u hierdie ooreenkoms met

mnr. Black/..

K62.13

- 1711 -

BOTES

mnr. Black aangegaan? -- Indien ek korrek onthou was dit gedurende September 1989. Ek kan nie die presiese datum onthou nie.

Dit is al 'n lang tyd nadat die verskil ontstaan het, nie waar nie? -- Dit was in - twee, drie weke na die geskil ont-  
staan  
het.

Ja, en voor hierdie ooreenkoms aangegaan is, was u al gevra vir die dokumente, nie waar nie? -- Nee, daar is wel gevra dat (30)

ek lêers sou afhandel, wat ek onderneem het om te doen.

U was ook gevra om dokumente wat u in u besit gehad het te oorhandig, mnr. Botes. -- Ek sê weer eens op daardie stadium was ek besig met onderhandeling. Ek het nie daardie dokumente op daardie stadium doelbewus weerhou vir geen rede nie. Ek het gesê goed, gee vir my dit wat my toekom.

VOORSITTER: Met ander woorde u hou iets wat u nie toekom nie om iets wat u toekom terug te kry? -- Nee, dit is al bewyse wat ek gehad het. Om te kon staaf dat daardie goed wel my en my mense toekom. Ek het niks anders gehad nie.

(10)

Nee, maar ons praat van die dokumente wat nie op die eise betrekking het nie. -- As ons kyk na dokumente wat nie by eise betrekking het nie, gaan dit onder andere oor inligting oor teikens in die buiteland, maar globaal hou dit verband met dit wat ons gedoen het. So, dit hou indirek verband met dit aan die einde van die dag hoekom het daardie mense die werk gedoen? Dit het verband gehou aan die einde van die dag met daardie teikens. Dit is waaroor dit gaan.

MNR. HATTINGH: Het u nie ten tyde van die - was u nie deur mnr. Verster aangesê ten tyde van die argument om u dokumente te oorhandig nie? -- Nee. Ek was deur mnr. Verster aangesê om

(20)

my tas/..

K62.15

- 1712 -

BOTES

my tas en my motor te oorhandig en ek het geweier.

In die tas was die dokumente gewees. -- Nee, nie die dokumente waarvan ek nou gepraat het nie.

Maar hy moes ..

VOORSITTER: Wat was in die tas gewees? Wat moes in die tas gewees het? -- Wat in die tas was, mnr. die Voorsitter ...

(30)

Nee, wat moes in die tas gewees het? Waarvan het mnr. Verster gepraat toe hy gesê het gee my tas? -- Wat in die tas was op daardie

stadium ..

Ag, asseblief ek vra u wat moes in die tas gewees het waarvan mnr. Verster gepraat het? -- Nee, ek weet nie wat in die tas moes gewees het nie.

Hoekom vra hy vir die tas? -- Mnr. Verster het nie vir my gesê wat in die tas moes gewees het nie. Dit wat in die tas was op daardie stadium was ouditnavrae oor die vorige boekjaar van lede hoofsaaklik wat voordat ek by BSB streek 2 finansiële betrokke geraak het, hoofsaaklik oor hulle ouditnavrae gehandel het en wat Jaco Black wel ter insae gehad het en dit is waaroor die argument (10) tussen my en mnr. Verster aan die einde van die dag gegaan het.

MNR. HATTINGH: Mnr. Botes, u as 'n lid van die BSB het 'n spesiale groot tas, hierdie groot tasse wat die meeste regs- mense deesdae dra wat kombinasieslotte gehad het. -- Nee, dit is nie korrek nie. Ek het 'n gewone plat buffelleertas. Ek het nie 'n groot tas nie.

En daarin het u normaalweg u BSB-dokumentasie gehou. -- Ek het dit wat ter sake was op daardie stadium daarin gehou.

En wat nie ter sake was nie moes in die kantoor geregi- streer gewees het? -- Korrek, ja.

So, mnr. Verster het nie net vir u gevra vir 'n tas (20) omdat hy/..

K62.17

- 1713 -

BOTES

omdat hy die tas as 'n fisiese voorwerp wou hê nie. Hy het - u het goed verstaan met die versoek dat die tas oorhandig moet word, hy u dokumentasie wou gehad het, nie waar nie? -- Hy het op daardie stadium vir my gesê om die tas te oorhandig. Die argument het gegaan oor die dokumentasie ...

VOORSITTER: Nee, luister na die vraag en dan antwoord u die vraag.

Die vraag is u het 'n tas by BSB gekry waarin u die dokumente (30) wat u in u besit mag gehad het moes dra, is dit reg? -- Ek het nie die tas by BSB gekry nie, dit was my persoonlike tas gewees.

Maar u het die tas gehad. -- Dit is korrek.

Wat vir daardie doeleinde aangewend is. -- Dit is korrek, ja.

En nou sê mnr. Hattingh vir u toe daar gevra is vir die tas kon dit tog net beteken het die dokumente wat van BSB gekom het.

Is die antwoord ja of is die antwoord nee? -- Die dokumente in die tas was ter sake op daardie stadium oor die dispuut tussen my en Verster, ja. Dit was BSB-dokumentasie.

MNR. HATTINGH: En dit wou hy hê? -- Dit wou hy hê.

En dit het u geweier om te gee? -- Ek het geweier om dit te  
(10)  
gee met 'n spesifieke rede. Die rede daarvoor was by bespreking of met bespreking van die voorval, wat ek op daardie stadium voorsien het by generaal Webb, sou ek die dokumentasie met Jaco Black se handskrif op voorlê aan die voorsitter van BSB op daardie stadium ter staving van die feit dat ek wel die werk afgehandel het wat Verster beweer het nie gedoen was op daardie stadium nie.

Dit is waaroor die argument gegaan het en dit is waaroor die dokumentasie in die tas gegaan het.

Het u later, toe u die aangeleentheid met generaal Webb bespreek het, hierdie dokumentasie aan hom voorgelê? -- Nee,  
(20)  
ek het/..

K62.18

- 1714 -

BOTES

ek het nie.

Hoekom nie? -- Dit was nie nodig nie. Op daardie stadium ...

Waarom was dit nie nodig nie? -- Die gesprek het op daardie stadium nie oor daardie dokumentasie gehandel nie.

Waaroor het dit gegaan? -- Dit het gegaan op daardie stadium oor 'n rekening wat ek aan generaal Joep Joubert oorhandig het.  
(30)

Eise, nie waar nie? Eise wat u gehad het teen die BSB.  
-- 'n Rekening vir dienste gelewer ten opsigte van lede.

VOORSITTER: Ja, maar dit is mos eise. -- Dit is eise.

MNR. HATTINGH: Nou, daardie rekening is formeel aan die verteenwoordigers van die BSB oorhandig, nie waar nie? -- Nee, dit is formeel per hand aan generaal Joep Joubert, wat op daardie stadium onderneem het om as bemiddelaar tussen my en generaal Webb van BSB op te tree, per hand aan hom oorhandig.

Sodat hy dit met die BSB kon bespreek? -- Dit is korrek.

Nou, u weet, mnr. Botes, dat ons ons afskrif daarvan verlê het, ons kan hom nie kry nie, nie waar nie? -- Dit is u probleem.

VOORSITTER: Nee, antwoord die vraag, asseblief. -- Ja.

MNR. HATTINGH: U weet dit, nie waar nie? -- Die bewering word gemaak, mnr. die Voorsitter.

Dit was ook aan u gemaak, mnr. Botes. -- Die bewering word gemaak, ek kan dit nie bewys of staaf nie.

En u was gevra om vir ons van 'n afskrif daarvan te voorsien. -- Dit is korrek. Ek is gisteraand, sowat 17h40, gevra om 'n afskrif te voorsien.

Was dit die enigste keer wat u gevra was? -- Ek was deur 'n prokureur genader. Ek het reeds op daardie stadium - ek

was gistermiddag/..

(20)

K62.19

- 1715 -

BOTES

was gistermiddag deur 'n prokureur by die naam van Cloete van der Merwe van Rustenburg geskakel en gevra om die dokumentasie beskikbaar te stel. Ek het vir hom gesê ek het 'n amptelike prokureur aangestel, mnr. Hennie van Zyl. Ek sal dit uitklaar met mnr. Hennie van Zyl dan sal ek terugkom en dan sal ek dit beskikbaar stel na ek gepraat het met my prokureur, mnr. Van Zyl.

Mnr. Van Zyl was nie op kantoor nie ...

VOORSITTER: Nee, nee, asseblief, al wat die advokaat u gevra het is, is u vantevore genader. -- Ek was vantevore genader.

(30)

MNR. HATTINGH: Was u of u prokureur namens u bereid om aan ons

'n afskrif daarvan te voorsien? -- Mnr. Van der Merwe op daardie stadium ...

VOORSITTER: Antwoord net die vraag. Was u of u prokureur bereid om 'n afskrif .. -- Nee, ek was nie.

MNR. HATTINGH: Hoekom nie? -- Omdat ek reeds 'n amptelike prokureur in die saak aangestel het om die aangeleentheid te hanteer.

VOORSITTER: Maar die advokaat was - u het tog 'n prokureur. Hoekom was u of u prokureur nie bereid om dit te verskaf nie? -- Die prokureur op daardie stadium ter sprake wat die ander afskrif gehad het - ek het nie 'n afskrif in my besit gehad nie. Die ander (10) prokureur was op Rustenburg en hy het nie formeel die saak hanteer nie, nie op hierdie stadium meer nie. Ek het amptelike vir mnr. Van Zyl aangestel om die saak te hanteer. Ek het mnr. Van Zyl probeer kontak. Hy was nie op kantoor nie. Ek het hom gisteraand, ek gaan raai, ongeveer 19h30, by die huis die eerste keer in die hande gekry.

Dit antwoord nog nie die vraag nie. Die vraag was weier u en u prokureur om 'n afskrif te verskaf en u antwoord was ja. Die vraag is hoekom. Die hoekom het u nog nie geantwoord nie. (20) -- Op hierdie/..

K62.19

- 1716 -

BOTES

-- Op hierdie stadium het ek nog nie formeel met my prokureur formeel die aangeleentheid gaan bespreek nie. My prokureur se benadering telefonies was ons het reeds per hand vir die mense die rekening voorsien, ons het dit by meer as een geleentheid met hulle bespreek.

MNR. HATTINGH: So, u kan nie eintlik 'n rede gee waarom u weier nie? -- Die rekening was voorsien. Generaal Webb...

Maar u weet ons kan hom nie kry nie. U weet ons het ons s'n (30) verloor. -- U kan weer 'n rekening kry, u kan weer 'n rekening

kry, maar wat my betref het daardie rekening niks met hierdie kommissie te doen nie.

VOORSITTER: Nee, maar die advokaat - u weet, ek kan nou nog nie oordeel nie. Die advokaat vra u net, u het gesê u weier om 'n afskrif te gee van die rekening, nou sê u hy kan 'n afskrif kry? -- Meneer die Voorsitter, ek sal aan hom 'n afskrif beskikbaar stel. Ek het nie 'n probleem daarmee nie.

O, dit is al wat die advokaat wil weet. -- Ek wil net graag vir u sê ek voel die rekening het betrekking totaal op buitelandse lede en buitelandse optrede, so dit het niks met die kommissie te doen nie. (10)

Dit aanvaar ek.

MNR. HATTINGH: So u sal vir ons 'n afskrif daarvan laat kry? -- U kan 'n afskrif daarvan kry.

Kan ek net nog in die algemeen vir u 'n paar vrae vra, mnr. Botes, u het ook onderhoude toegestaan of 'n onderhoud toegestaan met 'n verslaggewer van die Vrye Weekblad, is dit korrek? -- Dit is korrek, ja.

Is daardie onderhoud wat gevoer is op band geneem? -- Nee.

Het u versoek dat dit nie op band opgeneem word nie? -- (20)  
Ek het nie/..

K62.20

- 1717 -

BOTES

Ek het nie versoek dat dit nie op band opgeneem word nie.

Waar het hierdie onderhoud plaasgevind? -- Die onderhoud het by my woonhuis, 9 Viewstraat, Waterkloofhoewes plaasgevind.

U het daarna, neem ek aan, die berigte, die artikels wat na aanleiding van die onderhoud geskryf is, gelees in die Vrye Weekblad. -- Sommige van dit, ja.

Daar was twee gewees, mnr. Botes. -- Ek het een in detail gelees, die eerste een. Die tweede een het ek nie in detail gelees nie. Ek het net daarna gekyk. (30)

Is daar enige rede hoekom u die tweede een nie gelees het nie? -- Ek het nie vreeslik belang daarby gehad nie aangesien ek basies volstaan het by wat in die aanvanklike een gesê was, alhoewel daar verskille was met wat woordeliks van my aan die verslaggewer gesê was en hy dit in sy eie woorde gestel het en ek dit ook aan hom gestel het dat daar verskille is oor presies hoe ek dit aan hom gestel het en hy dit anders vertolk het en anders geskryf het.

So, u het verskil met hom in sommige opsigte wat die bewoording van die artikel aanbetref? -- Dit is korrek, ja.

Was dit wesenlike verskille gewees, mnr. Botes? Het hy goed verkeerd gestel? -- Ek glo so, ja. Sommige van dit wel. (10)

En het u hom versoek om dit reg te stel? -- Nee, ek het nie. Tot nog toe nie.

Hoekom nie? As dit 'n wesenlike fout was, mnr. Botes, hoekom vra u hom nie om dit reg te stel nie? -- Aangesien ons tot nog toe nie die onderwerp - nadat ek vir hom gesê het daar was foute in - in detail aangespreek het nie. Ek het eenmalig en 'n detail verklaring vir hom gegee en ons het in breë trekke gesels. Ek het nie woordeliks vir hom gesê haal my aan,

(20)  
ek sê/..

K62.21

- 1718 -

BOTES

ek sê die volgende nie. Ons het in breë trekke gepraat en hyself het gaan formuleer en dit geskryf.

Ja, dit het u nou al gesê, mnr. Botes, en u het ook gesê dat sy formulering in wesenlike opsigte foutief was en nou wil ek by u weet hoekom het u nie vir hom gevra om daardie wesenlike foute reg te stel nie? Dit is wat aan die publiek bekend gestel is. -- Ek kan hom vra op hierdie stadium om dit te doen.

Nee, ek wil nie vir u vra om dit nou te doen nie. Ek wil weet waarom u dit nog nie gedoen het nie? -- Dit was 'n week na die (30)



voorval.

Is dit dan in die tweede berig wat daar wesenlike foute was?

-- Die tweede berig het ek nie gelees nie.

So, dan moes dit die eerste een gewees het. -- Dit is korrek, ja.

Dan praat ons nou al van meer as 'n week, nie waar nie, mnr. Botes? -- By Vrydag was dit 'n week.

VOORSITTER: Dit is omtrent 'n maand gelede.

MNR. HATTINGH: Kom ons kry nou maar die datum, mnr. Botes, laat ons nou nie kibbel oor onbelangrikhede nie. Dit is 11 Mei wat die eerste berig verskyn het. Ons trek vandag by 22 Mei. -- Dit is elf dae later, dan is my bewering korrek dat dit Vrydag 'n week was. (10)

En u sê is dit die rede hoekom u nog nie die foute by hom laat regstel het nie? -- Daar was nie 'n spesifieke rede voor op hierdie stadium van die wedstryd nie.

Het dit u nie bekommer dat hierdie Vrye Weekblad wesenlik foutiewe berigte die wêreld instuur nie? -- Dit het my bekommer in dié sin van dat daar was foute gemaak. Ek sal nie sê dit was foute in die sin van, soos u dit stel, wesenlik ..

(20)  
Nee, dit is/..

K62.22

- 1719 -

BOTES

Nee, dit is nie soos ek dit stel nie. Dit is soos u dit gestel het. Ek het vir u gevra of dit wesenlike foute was en u het gesê ja. -- Daar was onder andere foute met name wat ek as wesenlik beskou en ek het dit so aan Jacques Pauw gestel.

Hom gevra om dit reg te stel? -- Ek het vir hom gesê dit sal moet reggestel word.

En wat was sy reaksie gewees? -- Hy het, wat my betref, neutraal akkoord gegaan. Hy het nie beswaar gehad daarteen nie. (30)

En toe het u seker nou met afwagting uitgesien na die volgende

week se uitgawe om te kyk of hy aan u versoek voldoen het? -- Nee, ek het nie.

Hoekom nie? -- Aangesien ek dit eers met hom bespreek het, as ek reg onthou, verlede week Donderdag, Vrydag.

So, u sien dan seker uit na hierdie week se uitgawe om te sien of dit reggestel gaan word? -- Dit sal waarskynlik reg-gestel word.

Mnr. Botes, kan u nog onthou wat die foute is wat u onder sy aandag gebring het? -- Ek kan nie pertinent onthou nie. Een van die name wat ek spesifiek onthou, was die naam van ..

(10)

Moet nou nie die korrekte .. -- Mnr. die Voorsitter, dit gaan oor 'n regte naam of 'n verkeerde naam. Hy het bloot toevallig die helfte van 'n regte naam en die helfte van 'n alias naam gekoppel. Sal ek die feite - dit hier stel?

VOORSITTER: Nee, toemaar dit is ...

MNR. HATTINGH: Dit is nie nodig nie. U het vir ons vertel wat die fout is, dit is een fout wat u nou kan onthou. Watter ander foute was daar gewees? -- Ek kan nie nou onmiddellik onthou nie. Ek kan teruggaan na die berig toe en ek kan vir u die foute in detail aanbied dan.

(20)

Sal u/..

K62.22

- 1720 -

BOTES

Sal u as u 'n geleentheid kry die artikel deurlees en die foute aanstip? -- Ek kan dit doen.

Ons gaan u later in detail oor daardie artikel vra. -- Ek kan teruggaan en dit doen.

Andersins, behalwe die paar foute, was u tevrede dat die artikel 'n korrekte weergawe was van wat u hulle meegedeel het? -- In breë trekke, ja.

(30)

Kan ek so 'n bietjie oor u agtergrond in die weermag praat, mnr. Botes. U het diensplig gedoen, burgerlike diens-plig gedoen

en u het mettertyd, was u verbonde aan die val- skermataljon.  
-- Dit is korrek. Ek het gedurende my diens- pligtydperk verbonde geraak aan die valskermataljon.

Het u ooit, behalwe nou vir u betrokkenheid by die BSB, heet u ooit by die staande mag aangesluit? -- Ja, ek het by die staande mag aangesluit.

Wanneer was dit gewees? -- In 1978.

By watter afdeling van die weermag was dit gewees? -- Ek was toegeken aan infanterieskool op sterkte, afgedeel aan Unita, hoof van stafinligting. Dit is waar ek gewerk het.

Het u aktiewe militêre diens verrig in daardie hoedanig- heid? (10)  
-- Dit is korrek, ja.

In Angola? -- In Angola, dit is korrek, ja.

Het u 'n rang verkry terwyl u in die staande mag was? -- Nee, ek het nie 'n rang gekry terwyl ek in die staande mag was nie.

Het u dus u burgermagrang behou? -- Ek het in 'n rang gewerk daar as 'n kaptein.

Maar u het nie 'n amptelike kapteinsrang gehad nie? -- Ek het amptelike kapteinsrang gehad, maar ek was nie bevorder nie.

Ek het wel amptelik in uniform, na ek verplaas was van (20)  
HSI na/..

K62.24 - 1721 - BOTES

HSI na 44 brigade toe, in uniform gewerk.

Met die kapteinsrang? -- Met die kapteinsrang.

En al die kentekens wat daarmee gepaard gaan? -- Dit is korrek, ja.

En was dit die hoogste rang wat u bereik het? -- Ek was ook 'n tydelike majoor.

'n Tydelike majoor? -- Dit is korrek, ja.

Aan watter afdeling wat u verbonde toe u 'n tydelike majoor (30)  
was? -- Aan 2 valskermataljon.

Was dit 'n burgermagbataljon gewees? -- Dit is korrek.

So, in die staande mag het u nooit 'n hoër rang as dié van kaptein beklee nie? -- Dit is korrek, ja.

Het u enige kursusse in die staande mag ondergaan? -- Ja, ek het.

Watse kursus? -- Onder andere agenthantering by hoof van stafinligting.

Hoe lank het die kursus geduur? -- Ek praat onder korrek-sie. As ek reg onthou was dit iets soos ses weke.

Enige ander kursusse? -- Ek het ook militêre inligting insameling gedoen. (10)

Hoe lank het die kursus geduur? -- Ek praat onder korrek-sie, drie weke, vier weke.

Nog iets? Nog enige kursusse? -- Nie in die staande mag as sulks wat ek kan onthou nie, behalwe ..

In die burgermag? Behalwe vir u gewone opleiding? -- In die burgermag het ek tot op vegsbaanvlak alle infanterie- kursusse gedoen.

Dit is die gewone offisierskursusse wat u gedoen het? -- Dit is die gewone offisiersbevordering, dit is korrek. (20)

Geen spesiale kursus behalwe die offisierskursusse nie?

-- Nee/..

K62.26

- 1722 -

BOTES

-- Nee.

Toe was u - op 'n stadium is u uit die mag uit en u het gaan boer het u gesê in Piketberg. -- Dit is korrek.

Hoe lank het u daar geboer? -- Ek het daar geboer van 1982 tot 1987, vyf jaar.

Hoekom het u opgehou? -- Vir twee redes. Een was die droogte en tweedens het ek 'n aanbod gekry by generaal Joep Joubert om te kom werk vir hom. (30)

Het dit finansieel swak met u boerdery gegaan, mnr. Botes?  
-- Met die boerdery as sulks, ja.

As gevolg van die droogte. -- Die spesifieke boerdery, ja.  
En toe kry u 'n aanbod van generaal Joubert? -- Dit is korrek,  
ja.

Wat u toe aanvaar. Wat weet u van mnr. Verster se militêre  
agtergrond? -- Ek ken mnr. Verster van valskerm- bataljon af.

Enigiets meer as dit wat u van hom weet? -- Waar ek hom geleer  
ken het. Na dit weet ek dat hy by 5 verkennings- regiment was  
op Dukuduk(?) na my wete. Dit is basies wat ek van mnr. Verster  
weet. (10)

Dit is maar min, nie waar nie? -- Dit is korrek, ja. Die  
algemene belangstelling in wie is waar verhouding.

So, u het dit ook nie u besigheid gemaak om meer omtrent hom  
te wete te kom nie? -- Nee, ek het nie.

Ek gaan later terugkom daarna as ons die koerantberigte  
behandel. Ons het nou in die Vrye Weekblad gelees van redes waarom  
'n mnr. Van Deventer besluit het om sy betrokkenheid by en die  
bedrywigheede van die BSB openbaar te maak. -- Ek het dit nie gelees  
nie, maar ons kan praat oor die onderwerp vir  
dit wat/.. (20)

K62.29

- 1723 -

BOTES

dit wat dit werd is.

Wat is die rede waarom u dit gedoen het, mnr. Botes? -- Die  
rede waarom ek met die koerant gepraat het, was omdat daar  
koerantberigte aan my toegedig was wat nooit deur my gedoen was  
nie. Daar was koeranteberigte, en dit was deur BSB-lede aan my  
gestel, dat ek het of ek sou as sulks die inligting aan onder andere  
die Sondagkoerant beskikbaar gestel het wat nooit die waarheid  
was nie en dit het finaal gemaak dat ek besluit het om met die  
koerant te praat. (30)

Maar dit was 'n rede gewees as u sê dit het finaal, daar was dan ander redes ook, nie waar nie? -- Dit was die hoof- rede, ja.

Was daar ander redes, mnr. Botes? -- Daar was ander redes, ja.

Kan ons hoor wat die ander redes was? -- Die ander rede was dat daar geen ander manier was om myself te beskerm ten opsigte van uitstaande rekeninge van my persoonlik teenoor BSB-lede in die buiteland nie aangesien hulle nie geweet het wie ek was of wat ek was nie, maar my wel geken het as 'n sakepersoon en ek het namens BSB opgetree en ek dit gebruik het as selfbeskerming na my naam aan indirekte lede beskikbaar gestel was en ek by twee geleenthede oproepe op my telefoon by die huis gehad het waar ek afgelei het dat dit indirekte ope- rateurs was wat oor my huisnommer beskik het op daardie stadium, wat ek nie persoonlik hanteer het nie. (10)

VOORSITTER: Ek is jammer, ek verstaan glad nie wat u sê nie.

-- Mnr. die Voorsitter, ek was in 'n situasie geplaas waar ek aan mense - dit is waar die rekening ter sprake gekom het - geld geskuld het vir dienste gelewer. Hierdie mense het onder die indruk verkeer dat ek as persoon was aanspreeklik. Daar

(20)  
was nooit/..

K62.29

- 1724 -

BOTES

was nooit agter 'n skerm nie. Wat toe gebeur het, is by my vertrek by die BSB het ek kontak verbreek eenhonderd persent deur middel van afsny. Ek het net gesê - ek het net wegge- raak wat hierdie mense betref. Toe was my naam aan ondere andere twee lede buite beskikbaar gestel, my regte naam, ek as Botes, nie ek as persoon alias nie, en ek het op 'n punt gekom waar ek myself in 'n bedreiging bevind het van drie kante af. Een was BSB-lede wat oortuig was op daardie stadium, wat geglo het, en dit is soos hulle dit vir my gestel het, dat ek is die man wat die storie vir die koerante (30)

gegee het aanvanklik. Die tweede was van die ANC se kant af. Ek was vir hulle 'n bedreiging. Ek het geen illusies daaroor nie. Dit was my werk. Die derde was daardie lede wat nie deur my betaal was nie, het my persoonlik aanspreeklik gehou en hulle het my nie aan- spreeklik gehou in die sin van hulle vat jou hof toe nie.

Hulle het my aanspreeklik gehou op die wyse van as jy nie jou kant bring nie, maak ons jou dood. Dit is die basis waarop ons onderhandel het, dit is die vlak waarop ons onderhandel het, want hulle het vir jou X produksie gelewer in ruil vir hulle deel.

Dit is waaroor dit gegaan het, dit is hoekom ek dit gedoen het.

MNR. HATTINGH: Kom ons neem daardie drie redes dan nou een vir een, mnr. Botes. Stories in die koerante, waarna verwys u? -- Daar was vantevore, as ek reg onthou, in die Rapport 'n berig waar 'n onbekende bron gerapporteer het.

Wat gerapporteer het? -- BSB-aangeleenthede met min of meer betrekking op dit wat ek dalk kon gesê het. Ek kan teruggaan, ek het nie onlangs die berig gelees nie.

BSB-aangeleenthede wat betrekking kan hê op dit wat u dalk gesê het? -- Dit is korrek.

Wat u/..

(20)

K62.30

- 1725 -

BOTES

Wat u dalk waar en wanneer gesê het? -- Wat aan die koerantverslaggewer gesê was. Wat in die koerant opgedis was.

Daar is nie gesê persoon X, soos wat in die Vrye Weekblad gebeur het, daar is gesê Botes het die volgende gesê of be- weer nie.

Daar is gesê 'n onbekende bron het gesê of .. met die strekking.

Hoe het u nou daardie onbekende bron aan uself gekoppel?

-- Baie maklik. 'n Lid van die BSB het vir my gesê die ander lede sê jy, en ek kan die lid se naam noem, sy alias naam is Daan.

Hy het vir my gesê die ander lede glo jy is die per- soon wat met die koerant gepraat het.

(30)

Waaroor het daardie berig gegaan? -- Ek kan nie meer in detail onthou nie. Ek sal moet teruggaan en gaan kyk.

Ek vra nie detail nie, mnr. Botes. -- Ek kan nie - dit het oor BSB-aangeleenthede gegaan. Ek kan nie die detail onthou nie. Ek het dit nie met soveel belangstelling gevolg nie.

Maar die BSB het tien streke, mnr. Botes. -- Dit is korrek.

Hulle is oor die hele Afrika en wêreld bedrywig. Het dit gegaan oor u streek se bedrywigheide? -- Dit het nie gegaan oor my streek se bedrywigheide nie. Dit het gegaan oor BSB, as ek reg onthou, in die algemeen.

(10)  
VOORSITTER: Maar wanneer het hierdie berig verskyn naastenby? -- Hierdie berig kan ek nie presies die datum onthou nie, was nadat ek aan die einde van Augustus vir BSB verlaat het, ter- wyl ek reeds afgesny was van BSB.

Verlede jaar? -- Verlede jaar.

Het die berig verlede jaar verskyn? -- Dit is korrek, ja.

Maar ek het gedog BSB se identiteit is eers vanjaar

bekend/..

K62.31

- 1726 -

BOTES

(20)

bekend gemaak in die pers. -- BSB, na my wete, as 'n organi-sasie of 'n weermagvertakking, neem ek aan het op hierdie stadium amptelik ter sprake gekom. Dit het - in alle gevalle ek kan nie die presiese datum onthou nie. Dit het gekom nadat ek by BSB was, weg was.

Ja, want my probleem is as dit so lank gelede was hoekom sou dit die deurslaggewende faktor gewees het dat u sou gepraat het 'n week of twee gelede? -- Dit was nie die deur- slaggewende faktor op daardie stadium nie. Dit was 'n by- draende faktor.

Maar u het netnou gesê dit is die finale, dit was die finale faktor. -- Nee, ek het gesê dit het bygedra daartoe dat ek by 'n finale besluit gekom het.

(30)



Nee, u het dit as die finale faktor voorgehou. Dit is nou net 'n bietjie vir my 'n probleem as dit die finale faktor is.

MNR. HATTINGH: Ek dink u het selfs gesê dit was die hoof-rede gewees.

VOORSITTER: Ja. -- Kom ek stel dit so, ek dink dit was 'n sameloop van omstandighede wat op daardie punt bymekaargekom het waar dit genoeg was, wat ek daar gekom het.

MNR. HATTINGH: Ek is nog besig met die berig, mnr. Botes.

Wat het die berig oor die BSB gesê? -- Ek kan nie meer onthou nie. Ek kan teruggaan en dit vir u kry.

(10)

En het die berig BSB by name genoem? -- Die berig, as ek reg onthou, het nie die BSB by name genoem nie. Dit het wel daarvoor gegaan, as ek korrek onthou, oor die Lubowski- of die Webster-moord met - min of meer in daardie konteks. Ek kan nie onthou nie.

En as dit gegaan het oor daardie twee voorvalle, is

daar bespiegel/..

K62.32

- 1727 -

BOTES

daar bespiegel oor wie moontlik daarvoor verantwoordelik kon gewees het in die berig? -- As ek reg onthou in die berig was daar op daardie stadium waarskynlik bespiegel. Ek weet nie, maar dit sou waarskynlik bespiegel gewees het oor wie. Op daardie stadium was dit nie aan 'n organisasie as BSB as sulks gekoppel waarskynlik nie. Dit was aan persoonlikhede gekoppel soos wat Lubowski se moord aan 'n persoon soos Acheson gekoppel was.

(20)

Maar mnr. Botes, dan klink dit vir my asof daardie berig hoegenaamd nie die kloutjie by BSB se oor gebring het nie. -- Die kloutjie by BSB se oor het gegaan oor wat die BSB-lede op daardie stadium, onder die indruk was van wie het daardie inligting gelek.

(30)

Dit is waaroor dit gegaan het. Dit het nie gegaan oor wat die publiek verstaan het daaruit nie. Dit het gegaan oor wat was in

die BSB-kringe die gevoel, wie het dit gedoen. Dit is waaroor dit gegaan het. Dit was 'n bedreiging as sulks vir die persoonlikhede.

En dit is aan u gestel deur lede van die BSB, die Daan wat u van praat? -- Dit is korrek.

U sê dit was die hoofrede waarom u besluit het om te praat? -- Dit het, soos ek gesê het aan die einde van die dag saamgeloop tot 'n finale besluit om te praat, ja.

Dit was in verlede jaar gewees? -- As ek reg onthou, ja. Ek het gesê ek is onder korreksie. Ek kan nie presies onthou nie.

Soos ek dit vir u gestel het, dit was gepubliseer. Ek kan (10) teruggaan en vir u die presiese datum en die berig gaan kry. Ons kan dit gaan soek in die argief. Ek het nie 'n pro- bleem nie.

Nou, kom ons aanvaar dat dit iewers in verlede jaar was, hoekom praat u eers hier in Meimaand as dit so 'n belangrike

rede was/..

K62.35

- 1728 -

BOTES

rede was? -- Soos ek dit vir u gestel het omdat dit 'n same- loop van omstandighede was. Teen Meimaand was dit reeds ses maande later en teen Meimaand het ek die oproepe gekry waar my naam op (20) straat gesit was. Een persoon het my direk genader en vir my gesê - 'n person wat niks met BSB of enige van sy be- drywighede na my wete te doen gehad het nie, en vir my gesê die bewering word gemaak jy skuld vir 'n persoon X geld.

Wanneer was dit gewees, mnr. Botes? - Dit was in die loop van 1990. Ek kan nie die presiese datum onthou nie.

En dit was nou 'n bydraende faktor gewees vir die rede om te gaan praat met die koerante? -- Dit is korrek, ja.

Kon dit hier vroeg in die jaar gewees het? -- Dit kon vroeër in die jaar gewees het, ja.

Want hierdie geld word nou al geskuld hier van Augustus af, (30) einde Augustus af, nie waar nie? -- Dit is korrek, ja. Die geld

wat geskuld word, was steeds in die proses van onder- handeling.  
Dit het op geen stadium gestop nie.

As dit nou vroeg hier in die jaar kon gewees het, weer eens vra ek vir u, hoekom wag u tot in Mei voordat u gaan praat? -- Omdat ek dit netnou vir u gestel het dat hierdie omstandighede het saamgeloop tot by Mei, dat ek by Mei op 'n punt gekom het waar ek besluit het om te praat, om ook onder andere myself te beskerm.

Ek is nie mooi duidelik wat het die ANC, u bedreiging vir die ANC, te doen met die feit dat u gaan praat het nie. -- My bedreiging vir die ANC is seker redelik logies. Die ANC was een van my hoofteikens. (10)

VOORSITTER: Nee, die vraag is hoekom het u gaan praat? Wat is die verband tussen die dreigement vanaf die ANC - kom ons aanvaar die ANC het 'n appeltjie met u te skil. Die vraag is

hoekom/..

K62.37

- 1729 -

BOTES

hoekom openbaar u u betrokkenheid as die ANC vir u 'n bedreiging was? -- Op daardie stadium was my identiteit aan sekere indirekte lede reeds geopenbaar, dan minstens twee persone waarvan ek weet. (20)  
Ek weet nie hoeveel ander nie, en dit was die rede daarvoor. So, dit was op daardie stadium baie maklik om doodeenvoudig net die woord na die ANC se kant toe te lek dat dit is die man vir wie julle eintlik soek.

Ja, maar nou lek u dit self na die ANC se kant. -- Ek het in die openbaar uitgekom en gesê dit is die feite.

Ja, maar wat help dit u? -- Op hierdie stadium voel ek deur uit te kom in die openbaar en deur te sê dat dit is die waarheid.

Ek is nie as persoon die skurk, alleen aanspreek- lik, as ek dit so kan stel nie. Dit het gegaan oor veel meer as my, as die persoon, want wat hier gebeur het, is my naam was uitgesit op straat. As sulks sou ek die skuldige man alleen wees en dit is (30)

waaroor dit gegaan het, en ek voel ek het myself beskerm in dié sin van deur die feite bekend te maak vir beide die ANC, die mense met wie ek gewerk het waar- skynlik, indien hulle die koerante lees in die buiteland, dié wat wel betrokke sou wees, besef hulle dat dit het nie hier net oor myself gegaan nie. Dit het oor veel meer as myself gegaan. Ek het met 'n geweldige bedreiging gesit.

Iemand was in alle geval op pad om my dood te maak. Van BSB se kant af het ek 'n bedreiging gehad, want BSB-lede was oortuig ek is die ou wat hulle verkoop het, wat nie waar was op daardie stadium nie.

(10)  
MNR. HATTINGH: En nou dat u oor albei gepraat het, dink u u is veilig van albei af? -- Ek glo so, ja.

Mnr. Botes, toe u aangesluit het by die BSB het u gesê die naam BSB is nie aan u genoem nie, maar u het geweet dat  
dit 'n/..

K62.39 - 1730 - BOTES  
dit 'n organisasie is wat verband hou met die weermag. -- Dit is korrek, ja.

En in u verklaring, paragraaf 9 daarvan, sê u "Ek het besef  
(20)  
dat dit ten minste 'n militêre onderneming van hoogs geheime aard was in wie se diens ek getree het." -- Dit is korrek, ja.

Wat was u instruksies in verband met geheimhouding aan- gaande u bedrywigheide by die BSB? -- Op daardie stadium militêr van aard.

Op 'n later stadium was ons glad nie meer militêr van aard nie.

Maar u het steeds .. -- Die ontkoppeling was totaal gedoen, so op daardie stadium was ek militêr gebind.

En toe die ontkoppeling kom was u nie meer militêr gebind nie? -- Toe die ontkoppeling gekom het, was ons glad nie meer gebind, hoegenaamd nie gebind nie.

(30)  
VOORSITTER: Aan enige geheimhouding? -- Aan die militêre geheimhouding as sulks.

Aan enige geheimhouding. -- Enige geheimhouding sou eties wees binne onself. Daar was geen formele geheimhouding dan meer in die sin van die organisasie BSB as sulks nie. Dit was nou 'n siviele organisasie. Dit sou dan - sal ek dit in die- selfde konteks sien.

Dit is tog 'n siviele ... -- As 'n organisasie soos, sou dit Kentron wees, sou dit wie ook al wat, met uiters geheime toerusting of uitrusting gewerk het. In daardie verhouding sou dit dieselfde gewees het en ek het dit gehandhaaf enduit tot na ek die organisasie verlaat het.

(10)  
MNR. HATTINGH: Mnr. Botes, u is tog seker nie so naïef nie. Wil u werklik sê dat bloot omdat die BSB in 1988 'n siviele dekmantel aangeneem het, dat dit nie meer 'n militêre organisasie/..

K62.39

- 1731 -

BOTES

organisasie was nie? -- Dit was nie net 'n siviele dekmantel in die sin van daar is gesê dit is 'n siviele dekmantel nie. Dit was aan ons aangebied as 'n siviele organisasie. Militêre lede het bedank, hulle het hulle pensioengeld gekry, daar was geen militêre koppeling meer nie. (20)

Wie was die voorsitter van BSB gewees, mnr. Botes? -- Generaal Webb was die voorsitter van BSB.

'n Man wat aktief aan die weermag verbonde is. -- Dit is korrek, ja.

Het dit u nie laat dink dat dit nog 'n militêre afdeling van die weermag was nie? -- Mnr. Verster is die enigste persoon wat op daardie stadium direk geskakel het met generaal Webb.

Maar u het geweet dat generaal Webb die persoon is wat projekte van die BSB moes magtig. -- Dit is korrek, ja.

(30)  
Nou, hoe kan u dan vir hierdie kommissie sê dat u het gedink dat dit nou 'n suiwer siviele organisasie is wat niks met die

militêre te doen het nie? -- Dit was aan ons pertinent so opgedra.

Dit was aan ons uitgespel dat ons op geen militêre verbintenis kan staatmaak of ons beroep nie.

Ja, vir die skyn? -- Vir die skyn in dié sin van daar was geen - ek kon my op - hoe die skyn ook al mag gewees het, ek kon my op geen militêre steun beroep het op daardie stadium in die BSB as sulks nie.

Wie het u bietjie salaris betaal? -- BSB het my salaris betaal.

En waar kry BSB die geld vandaan? -- BSB neem ek aan kry die geld van Spesmagte se begroting af.

(10)

Spesmagte is die weermag, nie waar nie? -- Dit is korrek.

So, u was in wese en in werklikheid in diens van die

weermag/..

K62.40

- 1732 -

BOTES

weermag gewees. -- Uit daardie oogpunt gesien, ja. Die wyse waarop dit aan ons oorgebring was en dit was die rede vir die bedanking van die lede, die oorbetalings van pensioene, die hantering van alles, het niks met die weermag te doen gehad nie. Die enigste skakeling met die weermag was mnr. Verster en as ek sê die geld het van die weermag af gekom dan lei ek dit af. Ek het nie gesien toe hulle die geld gaan haal het nie. (20)

Mnr. Botes, u is tog 'n intelligente man. -- Dit is korrek, ja.

U weet tog waarom die BSB hulle verbintenis, hulle sigbare verbintenis met die weermag verbreek het, nie waar nie? -- Ja.

Dit is omdat hulle 'n koverte organisasie geword het, 'n koverte vertakking van die weermag geword het, nie waar nie? -- So koverte dat dit siviel was.

So koverte dat dit siviel moes voorkom? -- Nie moes voorkom nie. So koverte dat dit siviel was. Dit is die rede vir 'n rooi en 'n blou plan. (30)

En u sê dat u het nou suiwer vir 'n siviele organisasie gewerk wat niks met die weermag te doen gehad het nie? -- Die enigste skakeling met die weermag - die organisasie op daar- die stadium aan my persoonlik en die lede met my betrokke was aangebied as suiwer 'n siviele organisasie. Die enigste skakeling met die weermag was deur Joe Verster aan generaal Webb.

Hoekom het u na generaal Joubert gegaan toe u probleme ervaar het? -- Omdat ek generaal Joubert in die verlede geken het en baie respek gehad het vir hom, dit is hoekom ek na hom gegaan het.

Maar hy is nou weermag, u is privaat, wat kan hy vir u doen? (10)  
-- Generaal Joubert het 'n man na my toe gestuur.

Mnr. die/..

K62.41

- 1733 -

BOTES

Mnr. die Voorsitter, kan ons hom 'n naam gee?

VOORSITTER: Maak dit saak? -- Ek dink dit kan vir die spesifieke lid wesenlike probleme inhou. Hy is 'n lid van - ek neem aan direkteur koverte inligting.

Daarom sê ek dit is seker nie nodig om sy naam te noem nie.  
-- Goed. Hy het 'n spesifieke lid na my toe gestuur en gesê ek moet hom kom sien en ek het gegaan. Hy het my persoonlik met sy voertuig na generaal Joubert toe geneem. Hy het my gaan aflaai en hy het my teruggeneem nadat ek met die generaal gepraat het. (20)

MNR. HATTINGH: En waaroor het hierdie gesprek gegaan? -- Die gesprek het gegaan oor die dispuut tussen my en Joe Verster.

Het u vir generaal Joubert gevra "Maar, generaal, wat het dit met u te doen? U is in die weermag, ek is in 'n siviele instansie". -- Dit het met generaal Joubert te doen gehad in dié sin dat ek het geweet dat hy as die vorige voorsitter van op daardie stadium BSB, van die militêre organisasie wat ons voorheen was, dat hy die hoof daarvan was en uit die verhouding van my kant af na hom toe, die respek wat ek vir hom gehad het en die waardering (30)

wat ek gehad het vir sy vermoë om as bemiddelaar op te tree, dit is die rede hoekom ek met hom gepraat het en aangesien generaal Webb 'n weermaggeneraal was, op daardie stadium was daar nog nie aanvaar dat BSB 'n wettige weermagorganisasie is nie.

Is dit ooit aanvaar? -- Dit is aanvaar op 'n latere stadium, ja.

Wanneer? -- Dit is aanvaar die week voor 27 Februarie, in die woorde van generaal Webb aan myself, 'n prokureur en 'n advokaat dat dit is 'n weermagaangeleentheid en dat ons hierdie rekening wat ons het, hy nie eise aanhoor nie, maar

(10)  
dat ons/..

K62.43

- 1734 -

BOTES

dat ons hierdie rekening wel na die weermag se regsafdeling moet verwys.

En het u dit toe so aanvaar? -- Ek het dit so aanvaar, ja.

En het u toe aanvaar dat dit wat u te wete gekom het van die BSB dan nou eintlik weermagaangeleenthede was? -- Formeel op daardie stadium, ja.

En toe gaan praat u daarna? -- Toe gaan praat ek daarna.

En u lap nou die geheime van hierdie organisasie uit. -- Die organisasie as sulks het die weermag voor vir die finansiële sy van daardie rekening ingestaan.

Mnr. Botes, u weet nou dit is 'n weermagorganisasie. -- Dit is korrek, ja.

U weet dat die geheimhouding wat u vroeër gehandhaaf het nog steeds gehandhaaf moet word, nie waar nie? -- Nee. Op daardie stadium het ek nie meer vir die weermag BSB gewerk nie.

VOORSITTER: Maar ek het altyd gedog as 'n mens 'n geheimhoudingsplig het dit aanhou al hou 'n mens op om vir 'n bepaalde organisasie te werk. Wil u vir my sê dat iemand wat by die afdeling militêre intelligensie werk, as hy bedank alles gaan



uitlap wat hy geleer het? Is dit hoe u dit verstaan? -- Nie noodwendig nie. Ek het nie alles uitgelap wat ek geleer het nie.

Nee, of uitlap wat hy geleer het. -- Seker.

Sê u dat iemand wat by AMI gewerk het dit kan doen? -- Dit kan gebeur, ja.

Is dit soos u dit sien. Ja?

MNR. HATTINGH: Dat hy kan praat oor uiters sensitiewe wapenvervaardiging, wapenaankope, dat hy straffeloos kan uitgaan

as hy dit/..

K62.45

- 1735 -

(10)

BOTES

as hy dit doen? -- Afhangende van waar en hoe hy homself op daardie stadium bevind.

So, as hy uit die weermag uit is dan kan hy daarvoor praat en dit is geen probleem nie? -- As hy uit die weermag uit is wat gaan hom verhoed om dit te doen?

Miskien sal u nog uitvind, mnr. Botes. U het in ieder geval geweet toe u aan die BSB verbonde was, voordat hy nou, soos u gesê het, 'n siviele vertakking geword het, het u geweet dat

geheimhouding 'n militêre verpligting was, nie waar nie? -- In die militêre konteks soos wat hy op daardie stadium militêr was, later nie meer nie.

(20)

En u het geweet dat as u op daardie stadium inligting oor hom sou uitlek aan persone wat nie by die weermag verbonde is nie, dat dit 'n oortreding sou wees, nie waar nie? -- Terwyl hy 'n direkte militêre vertakking was, ja, voordat hy 'n siviele besigheid geword het.

En u sê die enigste rede waarom dit verander het, is omdat hy nou 'n siviele dekmantel aangeneem het. -- Siviele dekmantel, 'n dekmantel in die sin van 'n totaal siviele organisasie.

(30)

Verster was 'n meneer, hy was nie 'n kolonel nie. Daar was geen weermagkonnotasie behalwe finansies wat ek gesê het ek nie gesien

het nie, moontlik met 'n tas van die kop af gekom het en generaal Webb se skakeling met Verster nie. Daar was geen ander militêre konnotasies nie en die gesprek tussen hulle twee lei ek af ...

Ja, gaan maar aan, mnr. Botes. -- Dit is wat ek toe sê.

Dit is interessant dat u sê mnr. Verster was 'n meneer, want in die artikels, en ek dink amper in die verklarings, verwys u na hom as kolonel Verster, nie waar nie? -- Nee, hy was 'n mnr. Verster.

U het na/..

K62.48

- 1736 -

(10)

BOTES

U het na hom verwys as kolonel Verster. -- Ek het nie na hom verwys as kolonel Verster nie.

Dan sal ons maar moet kyk. Dit is my herinnering en as ek verkeerd is sal ek om verskoning vra. Ja, in die berig wat verskyn het in die Vrye Weekblad van 11 Mei onder die opskrif "BSB-baas Joe Verster is magsdronk" en dan word daar gesê "Die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) onder die bestuur en bevel van kolonel Joe Verster het in 'n professionele sirkus ont- aard."

(20)

VOORSITTER: Onprofessionele sirkus.

MNR. HATTINGH: In 'n onprofessionele sirkus ontaard. -- Ek het nie die berig geskryf nie. Die verslaggewer Jacques Pauw het dit geskryf en bewoord. Ek het dit vroeër aan u gestel, dat ek nie daar woordeliks aangehaal word in aanhalingstekens en sê ek sê.

Mnr. Botes, sê u dus nou dat u teenoor mnr. Pauw gepraat het van mnr. Verster en hy het u verkeerd verstaan en gaan skryf kolonel Verster? -- Ek het gepraat van Joe Verster teen- oor mnr. Pauw.

Kan ons net 'n bietjie meer hiermee handel.

VOORSITTER: Kan ek net vir u dit vra: Het u die finansiële reëls van die organisasie, het u dit ooit ter insae gehad? -- Ja, ek het.

(30)

Het u die personeelplan ter insae gehad? -- Ja, ek het.

En die werksprosedure? -- Ja, ek het.

Wel, dan weet ek nie hoe u kan sê dat u gedink het dat hierdie 'n privaat organisasie was wat nie met die weermag verbintenis het nie. Dan verstaan ek glad nie hoe u dit kan sê nie. -- Lede het bedank, ons was glad nie meer weermag nie.

Ek sê/..

K62.49

- 1737 -

BOTES

Ek sê as u daardie dokumente gelees het, kan ek nie verstaan hoe u kan sê dat u gedink het dat die organisasie nie 'n weermagverbintenis het nie. -- Daar was voorheen 'n weermagverbintenis. Op daardie stadium was dit nie meer 'n amptelike weermagorganisasie nie. (10)

Omdat dit 'n kovert organisasie was. -- So kovert so dat dit totaal siviël was.

Maar wat bedoel u met die woorde totaal siviël? -- 'n Kovert lid, soos ek dit sien, werk by HSI of by DKE in siviele klere met 'n siviele dekking en hy sit buite en aan die einde van die dag is hy 'n betaalde weermaglid, hy is kovert. Hierdie lede het nie daar gesit as 'n weermaglid by Spesmagte met 'n rang. Hierdie lede wat ons nou van praat, die kovert lede .. (20)

Maar dan is dit mos 'n kovert organisasie? -- Hierdie kovert lid word bevorder. Hy word 'n kolonel of wat ook al, in die weermag as sulks as 'n kovert lid. Hier kon ek geen militêre bevordering kry nie. Ek was 'n meneer en dit was die einde van die storie. As dit dan kovert was, moes ek een of ander vorm van militêre erkenning daarvoor kon kry wat nie bestaan het nie.

Nee, al wat ek vir u sê is, ek verstaan hierdie stelling, as u ooit daardie dokument deurgelees het, want dit begin met definisies wat vir 'n mens sê dat u kry 'n professionele toelaag soos 'n militêre terminologie, die projek is soos met die militêre (30)

term operasie, u senior bestuurder is op posvlak 7 in die Krygkororganisasie, in militêre verband is hy 'n kommandant of 'n kolonel. Die uitrusting word gekry by spes- hoofmagte, hoofkwartier. -- Dit is korrek.

En .. -- Mnr. die Voorsitter, ek wil dit net aan u stel dat daardie/..

K62.50

- 1738 -

BOTES

dat daardie dokument ..

En die direksie sê die BG spesmagte en enige lede deur hom (10) aangewys by neem van beslissings ten opsigte van die organisasie, die depot is die militêre voorraadstoor en is 'n suborganisasie, is 'n frontorganisasie wat gebruik word as dekking en die beherende trust is die staat. Dan verstaan ek .. -- Daardie dokument was geskryf na my wete in die tyd van generaal Joep Joubert. Op daardie stadium het ons as sulks as 'n militêre organisasie gewerk. Die verandering daarna was nie wat in daardie dokument staan nie. Ons het nie uitrusting getrek van 'n voorraad by die kop nie. Dit het nie meer bestaan nie. Daardie uitrusting was teruggehandel. Die afsnye was totaal. Die lede wat op daardie stadium nog (20) weermaglede was, het bedank. Ons het glad nie daar gekom nie. Daar was geen militêre konnotasie nie. Ek kon my nie daarop beroep dat ek 'n militêre verbintenis gehad het soos wat dit daar gestel sou gewees het nie. Dit het verander nadat daardie dokument geskryf was.

Ja, gaan maar voort.

MNR. HATTINGH: Mnr. Botes, in dieselfde berig waarna ek u so pas na verwys het onder die opskriffie "Finansies" staan die volgende, word gesê:

"Daar is tans baie swak beheer oor BSB se finansies. (30) Eerstens moet die staatsouditeur enige bewysvorm wat deur hom geteken word aanvaar." -- Dit is nie korrek nie.

Wat is nie korrek nie? -- Ek het dit aan Jacques Pauw gestel dat die persoon wat vir daardie geld kan teken is Joe Verster. Hy het die magtiging om te teken en die ouditeur aanvaar dit. Ek het nie sulke magtiging nie.

Maar die ouditeur waarna u verwys, mnr. Botes is die staatsouditeur/..

K62.52

- 1739 -

BOTES

staatsouditeur. -- Die ouditeur waarna ek verwys is Hein Pfeil voorheen van die ouditeur-generaal gewees, dit is waarna ek verwys het. (10)

Ons praat van 'n staatsouditeur in die berig. -- Ek het hom nie 'n staatsouditeur genoem nie.

Maar dan lyk dit vir my daar is baie min in hierdie berig wat korrek is, as ons net kyk na die twee stukkie waarna ons sover gekyk het. -- Ek het dit vroeër aan u gestel dat ek nie woordeliks die berig geskryf het nie.

VOORSITTER: Dit gaan nie oor die woordelikheid nie, dit gaan oor die inligting. -- Mnr. die Voorsitter, die inligting wat oorgedra is het - soos ek dit nou gestel het, ek het nie daar-die magtiging gehad nie en ek het dit op geen stadium aan enigiemand gesê nie. (20)  
Ek het gesê Joe Verster kan teken en die ouditeur sal dit aanvaar.

Dit is die stelsel. Dit beteken ongeag wat Joe Verster teken ...

MNR. HATTINGH: So, daar is twee foute in die een sinnetjie. -- Dit is korrek.

Die een is die feit dat daar verwys word na 'n staats- ouditeur en dan is die inhoud van die sin ook heeltemal foutief, nie waar nie? -- Dit is korrek.

So, u het nie van 'n staatsouditeur gepraat nie? -- Ek het nie van 'n staatsouditeur gepraat nie. (30)

Want u kon nie van 'n staatsouditeur op u weergawe gepraat

het nie. -- Ek het nie van 'n staatsouditeur gepraat nie.

En mnr. Hein Pfeil, was hy nie 'n interne .. -- Mnr. Hein Pfeil na my wete tree op in siviele hoedanigheid. Hy was voorheen aan die ouditeur-generaal verbonde. Na my wete is hy 'n afgetrede lid op die oomblik en hy tree in privaat  
hoedanigheid/..

K62.53

- 1740 -

BOTES

hoedanigheid op vir BSB.

Ja, kom ons gaan 'n bietjie verder en kyk of daar nog foute  
in hierdie deeltjie van die berig is, mnr. Botes. -- Ek wil dit  
graag aan u stel as daar foute in die berig is, dat ons die skrywer  
van die berig sal vra na die foute. (10)

VOORSITTER: Nee, maar ek dink die advokaat wil net weet wat is  
reg in die berig en wat is verkeerd in die berig. -- Goed.

Want ons weet nie. Ek bedoel die - ek aanvaar die joer- nalis  
sal sê hy het dit by u gekry.

MNR. HATTINGH: Hy het geen insae in die operasionele lêers gehad  
nie, dit is nou die staatsouditeur wat u van praat. Alle ander  
transaksies is met kontant gedoen wat in tasse van die Reserwebank  
af na die Kop toe aangery is. Daar is weekliks  
bedrae geld aangevra wat na die BSB se hoofkwartier geneem is.  
-- Daar is na my wete, wat daardie bedrag betref, geld op 'n  
weeklikse basis aangevra deur die finansiesafdeling, deur Theuns  
Kruger. Wat die geld betref in die tasse van die Reserwebank af  
Kop toe het ek dit nie gesê nie .. (20)

Weer eens 'n fout wat die joernalis gemaak het. -- Dit is  
'n fout. Ek het dit nie gesê nie. Dit mag 'n indruk wees waaronder  
hy verkeer het. Ek het dit nie aan hom so gestel nie.

Maar dit is interessant, mnr. Botes, dat hy praat van tasse  
van die Reserwebank af na die Kop toe aangery is. Wat weet hy van  
die Kop? -- Ek weet nie wat hy van die Kop weet nie. (30)

Hy kon dit net geweet het as u vir hom van die Kop vertel het, nie waar nie, want hy skryf die Kop in aanhalingstekens.

-- Ek hoef dit nie noodwendig vir hom te vertel het nie. Hy kon met ander lede gepraat het. Ek weet nie met wie hy

almal/..

K62.57

- 1741 -

BOTES

almal gepraat het nie.

Het hy vir u gesê hy het met ander lede gepraat? -- Ek het hom nie pertinent daarna gevra nie. Ek weet onder andere na my wete het hy met Willie van Deventer gepraat. (10)

Is dit een van die foute wat u hom gevra het om reg te stel, hierdie?-- Ek kan nie onthou nie. Ek het dit vroeër aan u gestel ek het met hom in breë trekke daaroor gesels. Ek het nie met die koerant gesit en strepies getrek op die koerant nie.

So, hier skryf hierdie joernalis van tasse geld wat weekliks vanaf die Reserwebank na die Kop geneem word en dan weer van daar na die hoofkwartier van die BSB en u sê hy kry dit nie by u nie? -- Hy kry dit nie by my nie. Hy kry die deel van BSB se weeklikse aanvraag by my. Die storie van die tasse van die Reswerwebank af na die Kop toe kom nie van my af nie. (20)

Hoe het die geld by BSB gekom, mnr. Botes? -- Na my wete het Theuns Kruger op 'n weekliks basis geld aangevra en dit gaan trek kontant in tasse.

So, dit het in tasse daar aangekom? -- Van die Kop af, ja. Ek neem aan van die Kop af.

Nou neem u weer aan. -- Ek neem aan.

Van waar af het dit gekom? -- Ek weet nie. Ek het nie saam met hom fisies gegaan nie.

U het aanvaar dit kom van die Kop af? -- Dit is korrek.

Die Kop waarvan ons hier praat is die sogenaamde speskop? (30)

-- Dit is korrek, ja.

Dit is die hoofkwartier van spesmagte van die weermag, nê?  
-- Dit is hy, ja.

Ek dog dan ons het dan nou hier met 'n siviele  
organisasie/..

K62.58 - 1742 - BOTES  
organisasie te doen en hier kom sy geld nou weekliks in tasse van  
die Kop af. -- Dit is korrek, ja.

En u glo nog steeds u is verbonde aan 'n organisasie wat totaal  
siviel is? -- Ons was totaal afgesny. Hierdie geld was beskikbaar  
gemaak na my wete deur die weermag, maar hierdie organisasie was  
nie 'n weermag - waar ek op daardie stadium gewerk het, was nie  
meer 'n weermagorganisasie nie. (10)

Mnr. Botes, hierdie geld wat ontvang is, was nie net vir  
betaling van salarisse nie, nie waar nie? -- Ek neem so aan.

Dit was tog vir die uitvoering van projekte, mnr. Botes. Waar  
sou die geld vir die projekte vandaan gekom het? -- Ek weet nie.

Maar dit was vir die uitvoering van projekte. -- Dit kon gewees  
het, ja.

En u het dit geweet. -- Nie noodwendig nie. Ek neem so aan.  
Ek kan nie bewys dat dit vir projekte bedoel was nie. Ek het nie  
die geld gaan trek nie, ek het nie die aanvraag han- teer nie. (20)

VOORSITTER: Maar waar het die geld vandaan gekom wat vir projekte  
bedoel was? -- 'n Deel van die geld het van die Kop af gekom.  
Dit kan wees dat daar ander bronne ook was, wat ek nie ...

Watter soort bronne kan u nou aan dink? -- Die self- generering  
van geld deur BSB is 'n moontlike bron.

MNR. HATTINGH: Vir u aankoop van R2 miljoen se wapens, waar sou  
daardie geld vandaan gekom het? -- Daardie geld sou van Joe Verster  
af gekom het.

En waar sou hy dit gekry het? -- Hy sou 'n begroting gehad  
het. Waar hy dit gekry het weet ek nie. (30)



U het nie aanvaar dit kom van die weermag af nie? --

Ek stel/..

K62.59

- 1743 -

BOTES

Ek stel dit weer eens aan u nie noodwendig nie. Dit kon van 'n ander plek af ook gekom het.

Weet u van enige geld wat inderdaad van die weermag af gekom het? -- Nee, ek was nie verantwoordelik vir die finansieële afdeling nie.

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR TEE. DIE KOMMISSIE HERVAT.

(10)

PETRUS JACOBUS BOTES nog onder eed:

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. HATTINGH: Mnr. Botes, oorskakeling van die BSB vanaf 'n militêre organisasie na 'n organisasie met 'n subtiele voorkoms, dit het nie oornag plaasgevind nie, het dit? -- Nee, dit was ingefaseer oor 'n tydperk.

Ja. Aanvanklik het sommige van die lede van die BSB beweeg na hulle kantore in Pretoria-Wes terwyl die res nog gebly het by speskop, nie waar nie? -- Dit is reg, die logistieke afdeling het agtergebly by die Kop.

En u het ook nog vir 'n tydjie by die Kop agtergebly voordat u uiteindelik aangesê was om nie meer daar te kom nie. -- Dit is korrek. (20)

Nadat die besluit reeds geneem is dat die BSB 'n subtiele karakter moes aanneem het u nog steeds by die speskop gebly, nie waar nie? -- Dit was op daardie stadium in breë trekke so, ja.

Ek volg nie mooi nie. Wat was in breë trekke? -- Daar was op daardie stadium nog nie in detail uitgespel dat ons sal weggaan by die Kop nie. Ons mag by 'n ander plek kom waar ons voorheen nie mag gekom het nie. Voorheen het ons nie geweet van die bestaan van die ander plek nie. Ek het geweet van die bestaan. Ek het nie geweet waar die ander plek was nie. (30)

U het tog geweet dat die persele waarheen die BSB toe

verhuis het nadat hulle die speskop verlaat het, militêre eiendom was. -- Nee, ek het dit nie geweet nie.

Dit is feitlik reg oorkant die speskop, nie waar nie? -- As ek kan skat drie kilometer plus-minus.

Ja, maar dit is baie naby, nie waar nie? -- Dit is naby maar na my wete was dit nie militêre eiendom nie.

Die ander persele van die BSB waar u gekom het? -- Ander persele waar ek gekom het, na my wete was nie militêre eiendom (10) nie. Die enigste ander perseel wat wel militêre eiendom was, die grond, was die sogenaamde skuur se grond.

Hoekom was dit nodig vir hulle om 'n rooi plan en 'n blou plan daar te stel? -- 'n Rooi plan vir operasionele optrede, 'n blou plan siviël, by die generering van geld.

Die blote feit dat daar 'n rooi en 'n blou plan moes wees dui aan dat die BSB 'n militêre vertakking was, nie waar nie? -- Nie noodwendig nie, nee.

As u sê nie noodwendig nie .. -- Nie noodwendig nie, nee.

Kon dit so gewees het? -- Dit kon so gewees het. Ek het dit (20) nie in daardie konteks so gesien nie.

U het dit nie so gesien nie? -- Nee.

Kom ons gaan 'n bietjie deur die verklaring in hierdie verband, mnr. Botes. Wanneer is u na streek 2 toe oor? -- Iewers tussen einde Oktober en as ek reg onthou November.

Van watter jaar? -- 1987.

'87. -- Dit is korrek.

Was die organisasie toe nog amptelik militêr soos u dit gesien het? -- Toe was ons amptelik militêr, ja.

U het in u verklaring gesê, bladsy 5, paragraaf 22:

"Toe ek reeds by streek 2 was en terwyl daar nog (30)

vanaf hoofkantoor af gewerk is .. "

Die hoofkantoor/..

KI62.62

- 1745 -

BOTES

Die hoofkantoor, is dit nou die speskop wat u daarna verwys?

-- Dit is korrek, ja.

" .. is daar 'n voorlegging vir die hele organisasie aan HSAW gemaak." -- Dit is reg, ja.

"Ek is nie meer seker presies aan wie by HSAW dit gemaak is nie, maar sover ek kan onthou, was dit generaal Jan Geldenhuys." -- Dit is reg, ja.

(10)

"Op daardie stadium is 'n voorlegging gemaak wat die skepping van streek 6 ingesluit het."

Is dit reg? -- Dit is reg.

"Die hele nuwe BSB bedeling met sy siviele karakter en doelstellings is aan HSAW voorgelê." -- Dit is korrek.

"Ek was persoonlik tydens hierdie voorstelling teenwoordig." -- Dit is korrek, en dit is waar die skrywe, soos in die voorsitter se besit, waar dit uit spruit, maadit het verander. Daardie skrywe was nie gehandhaaf nie. Na dit het dit verander. Die militêre karakter van die organisasie was totaal weggeneem. Op papier het hy so gelyk. In praktyk het hy nie so gelyk nie.

(20)

Maar, mnr. Botes, hierdie hele verandering is in oorleg en met goedkeuring van die weermag gedoen, nie waar nie? -- Hierdie - of dit met goedkeuring gedoen was, is oop vir bespreking. Ek was nie by toe goedkeuring gegee was nie. Dit was wel as sulks aangebied, soos wat dit daar geskrywe staan, as so 'n organisasie.

Wat was die hoof van die weermag se reaksie gewees? -- Dit is wat ek nou vir u sê, ek was nie by toe hy dit goed of afgekeur het nie. Hy het dit aangehoor. Dit was nie vir my om vir hom te vra wat is u persoonlike mening of u besluit nie.

(30)

K62.66

- 1746 -

BOTES

Dit was aan hom aanbeveel gewees dat die BSB so 'n sittende karakter aanneem? -- Dit is korrek. Dit is aan hom aangebied soos dit daar geskrywe staan.

En later het dit so gebeur? -- Later het dit verander. Die karakter wat daar geskrywe staan en BSB, dit is wat hy aan die einde van 1989 of ten tyde Augustus 1988 wat ek die BSB verlaat het. Die BSB het nie gelyk soos wat dit daar geskrywe staan nie. (10)

VOORSITTER: Maar die punt is die skriftelike organisasie, die organisasie is skriftelik gedefinieer tydens 'n voorlegging, nie waar nie? -- Dit is korrek.

Daardie voorlegging is goedgekeur. -- Dit is korrek.

Nou weet u van enige voorlegging wat gemaak is wat afgewyk het van die goedgekeurde voorlegging? -- Nee, ek weet nie daarvan nie. Ek weet wel dat die optrede afgewyk het van die voorgeskryfde - voorskrifte soos wat dit daar saamgevat is.

Maar u is nooit in kennis gestel dat ons hou nie by die voorgelegde sisteem nie? -- Nee, dit is wel aan ons gestel dat ons nou formeel siviel gaan en dat dit, soos dit daar beskrywe staan, nie meer bestaan nie. Dat ons BSB in sy siviel hoedanigheid nou gaan bedryf, maar dit was nie op skrif aan my aangebied nie. (20)

Ja, maar wat sou nie meer dieselfde wees nie? Generaal Webb sou tog nog steeds die voorsitter wees. -- Dit is basies die enigste wat nog dieselfde sou wees.

En mnr. Joe Verster sou nog steeds die besturende direkteur wees. -- In die verlede sou ek dan as 'n BSB-lid, direkte toegang tot die generaal gehad het in die sin van ek sou by die Kop enige tyd tot sy beskikking gewees het. In die nuwe/.. (30)

nuwe bestel sou die uitrusting in die eerste plek wat getrek sou gewees het in die verlede by die Kop sou nie daar getrek gewees het nie. Die goedkeuring, die aanbieding as sulks, sou ek nie gegaan het en dit aan die generaal gaan aanbied het nie. Ek het slegs by een geleentheid na generaal Webb se oornamlik, het ek slegs een aanbieding in my hele tyd by BSB aan generaal Webb gedoen. Die res van my aanbiedings het ek alles net aan Joe Verster gedoen.

Ja, maar dit beteken tog nie dat dit nie meer 'n militêre organisasie is nie. -- Die beeld van die organisasie as sulks het totaal verander van wat daar geskrywe staan in die praktyk. In opdrag van Verster. Dit het verander. (10)

In watter opsig? -- Die militêre konnotasies het nie meer bestaan soos wat dit daar geskrywe ...

Dit is nie militêre konnotasies nie. Al wat hierin staan is dat die organisasie word losgemaak van die weermag en dit is nie terugspoorbaar na die weermag nie, maar daar is 'n voorsitter wat in die weermag se diens is en wat projekte moet goedkeur en finansies moet goedkeur. -- Dit is korrek. Nou, daardie ontkoppeling ... (20)

Het dit verander? -- Daardie ontkoppeling was van so 'n aard dat dit totaal siviël was, soveel so ...

Ek vra vir u het dit verander? -- Nie soos dit daar geskrywe staan in daardie konteks nie.

Nou ja, met ander woorde die generaal was nog steeds die baas. -- Die generaal was nog steeds die baas, ja.

Nou, hoe is die generaal nou siviël? -- Die generaal was die baas in die sin van op daardie stadium hy het gehoor wat Verster hom vertel het. Hy was nie siviël nie. Hy het die generaal gebly. En hy/.. (30)

En hy moes die opdragte goedkeur. -- Hy moes dit wat vir hom dan wel aangebied was goedkeur, ja, as dit aangebied was.

Of afkeur? -- Of afkeur.

MNR. HATTINGH: U sê op bladsy 6 bo-aan:

"Die hele nuwe BSB bedeling met sy siviele karakter en doelstellings is aan HSAW voorgelê." -- Dit is korrek, ja.

Met ander woorde die feit dat die BSB nou 'n siviele karakter sou aanneem is voorgelê. -- Dit is korrek, ja. Dit is soos dit daar geskrywe staan. (10)

En dit is weer aan die hoof van die weermag voorgelê. -- Dit is korrek.

En hy moet dit goedkeur. -- Dit is korrek, ja.

Nou, sover u weet moes hy dit goedgekeur het, want dit het later gebeur. -- Ek glo so, ja.

Maar u het geweet dat dit nog steeds 'n militêr gekoppelde organisasie was. -- Op daardie stadium, ja.

VOORSITTER: Met ander woorde wat u eintlik vir my sê is BSB, wat u aanbetref, was in '89 - het niks met die weermag te doen gehad nie. -- Dit is korrek. Hierdie was vroeg gedurende '88. (20)

Met ander woorde alles wat BSB gedoen het, in '89 gedoen het, het hulle nie namens die weermag gedoen nie. -- Dit is korrek.

As onafhanklike organisasie. -- Dit is honderd persent korrek.

Ek volg. Dit is heel interessant.

MNR. HATTINGH: Bladsy 8, paragraaf 32 sê u "Op daardie stadium" - dit was nou, miskien om meer vir u die sinsverband te gee, bo-aan die bladsy sê u:

"Op hierdie stadium is die sisteem verander en het die koördineerders/.. (30)

koördineerders geen kontak meer met die weermag gehad  
nie" -

dit sê u bo-aan en dan sê u nou later in paragraaf 32:

"Op daardie stadium het BSB steeds logistieke ondersteuning van EMLC ontvang wat 'n departement binne die weermag is". -- Dit is korrek, ja.

Nou, hoe ontvang 'n subtiele organisasie wat nou heeltemal verander het steun van 'n weermagorganisasie? -- Dit het so gewerk dat sou ek 'n behoefte gehad het vir EMLC dan het ek die behoefte gaan bespreek met die betrokke lid, kolonel Van Heerden, as ek sy naam reg het, en my behoefte aan hom gestel en vir hom gesê kolonel, dit in detail is my spesifieke behoefte. (10)

En u het geweet die weermag gaan in daardie behoefte .. -- Ek was op daardie stadium by die Kop en ek het geweet die weermag gaan voorsien. Nadat ek daar weg is, het ek nie daardie toegang gehad nie.

Maar u praat hierso in hierdie verklaring van die stadium nadat die sisteem verander het, sê u dat dit nog steeds so geskied het. -- Dit is korrek, ja. Sou ek op hierdie stadium so 'n behoefte gehad het, kon Verster dit aangevra het. Ek kon dit nie aangevra het nie. (20)

U sê die EMLC het inderdaad nog steeds ondersteuning verleen. -- Dit is korrek, ja, maar soos wat ek dit nou aan u gestel het om daardie ondersteuning te kon kry was die enigste persoon wat dit sou aanvra, was Verster.

VOORSITTER: Ja, maar hoe kon Verster dit aanvra? Op watter gesag doen hy dit? -- As besturende direkteur van die organisasie.

Maar as hy geen verbintenis met hulle het nie, hoekom sal

hulle dit/..

(30)

hulle dit vir hom gee? -- Hy het verbintenis met generaal Webb.

Hulle gee dit in opdrag van generaal Webb aanvaar ek.

Met ander woorde - ek moet sê ek verstaan glad nie wat u vir my wil sê nie. -- Wat ek vir u probeer sê is ek as koördi- neerder het nie daardie toegang gehad nie op die later stadium. Aanvanklik het ek reguit met EMLC die detail gaan be-spreek.

Ja, maar dan verstaan ek nie .. -- Op die later stadium, wat ek nou van praat, het ek nie daardie toegang gehad nie.

Nee, maar dit verstaan ek, want dit is om 'n skyn te verwek dat BSB nie deel vorm van die weermag nie. Is dit nie so nie? (10)  
-- Dit is so, ja.

Omdat die feit dat 'n skyn verwek is dat BSB nie deel vorm van die weermag nie, verstaan ek nie hoe u die sprong maak om te sê dit was nie deel van die weermag nie. -- BSB aan ons as lede as sulks was aangebied as nie meer deel van die weermag nie. Dit is hoekom lede verplig was om te bedank.

U sê alles wat BSB gedoen het, het hulle as privaat individue gedoen, daar is geen staatsaanspreeklikheid nie. -- Dit is eenhonderd persent korrek.

So, die staat is nie aanspreeklik vir die skulde nie. -- Dit (20)  
is in woorde aan my so gestel dat die staat is nie aan- spreeklik vir my sou daar 'n probleem met my ontstaan nie.

Die hoof van die weermag het niks te doen met wat BSB te doen gehad het nie. -- Dit is korrek.

Daar is geen ministeriële verantwoordelik vir wat BSB gedoen het nie. -- Dit is korrek.

Is dit u getuienis? -- Dit is nie terugspoorbaar tot die staat nie. Hulle het geen verantwoordelikheid teenoor my as lid nie.

MNR. HATTINGH/..



in die lig van wat u so pas gesê het, mnr. Botes. Hier handel u met die eise wat u nou gehad het nadat u u verbintenisse met die BSB verbreek het en u sê:

"Die weermag het egter geweier om hierdie voorstel te aanvaar. Gevolglik moet my agente afbetaal word .." -- Dit is korrek.

Die voorstel was dat die weermag die agente moes oorneem. -- Dit is korrek, ja.

Nou, hoekom? - Hierdie weermagbetrokkenheid hier het baie later ter sprake gekom, nadat dit deur generaal Webb aan my gestel was dat die weermag aanvaar verantwoordelikheid nou vir BSB. Dit is die grond waarop hierdie verklaring gemaak is. Voor die tyd was dit nie so gestel nie. (10)

Maar u het met lede van die weermag onderhandel in hierdie verband. -- Dit is korrek, ja.

En op die ...

VOORSITTER: Maar u sê dan u is van voorneme om aksie teen die weermag in te stel. -- Mnr. die Voorsitter, dit was aan my gestel deur generaal Webb aan 'n prokureur en 'n advokaat in my teenwoordigheid in sy kantoor dat hierdie aksie, hierdie eis wat ek het ten opsigte van betaling van hierdie lede betrokke moet aan die weermag gerig word. Dit is hoekom ek hier sê dat ek gaan nou die weermag aanspreek. (20)

Maar u kan nie die weermag aanspreek net omdat hy vir u verkeerde inligting gee nie. Dan moet u mos hierdie privaat organisasie aanspreek, want die weermag weier om u te betaal, hulle weier aanspreeklikheid, so hoe het die aanspreeklikheid geskuif vanaf BSB na weermag? -- Die weermag as sulks weier nie aanspreeklikheid nie. Hy het my slegs verwys na die

regsafdeling/.. (30)

regsafdeling van die weermag.

Maar hulle weier om aan u 'n betaling te maak. -- Hierdie saak was nog nie in die hof beveg nie.

Maar u sê die weermag weier om uitstaande betalings aan u te maak. -- Die weermag in hierdie sin soos wat dit hier weergee word, is by name generaal Webb. Die gesprek was gevoer met generaal Webb as verteenwoordiger as sulks dan van die weermag.

Die persoon dan hier moet aangespreek word as generaal Webb.

Dan dink ek ons almal wat in hierdie vertrek is, is onder K63'n geweldige wanindruk van dag een af oor wat BSB is. In ieder geval, gaan maar voort. (10)

MNR. HATTINGH: Net ten slotte wat hierdie aspek aanbetref, in paragraaf 53 sê u dan - miskien net in aansluiting by wat die voorsitter aan u gestel het, in paragraaf 52 sê u:

"Die weermag weier op hierdie stadium om uitstaande betalings aan my of my agente te maak, en het my na die regsafdeling (dit is die weermag se regsafdeling) verwys"

nie waar nie? -- Dit is korrek. Die weermag in hierdie konteks, generaal Webb in persoon. (20)

"Met die kommentaar dat ek aksie teen die weermag moet instel. Ek is van voornemens om dit te doen"

en dan paragraaf 53:

"In my onderhandelinge met die weermag het ek deurentyd die advies van my prokureur en advokaat ingewin." -- Dit is korrek. Ek het probeer om volgens reg so korrek moontlik op te tree wat die saak betref.

Kom ons kom net weer terug by die dokumente wat in u besit is, my aandag is op enkele aspekte gevestig. Het u nie

'n gewoonte/.. (30)

'n gewoonte daarvan gemaak om afskrifte van alle dokumente wat u hanteer het te maak en te liasseer nie? -- Ongelukkig nie.

Het u van sommige gemaak? -- Van sommige wel. Dit is die dokumente in my besit.

En in lêers geliasseer by u huis? -- Sommige wel. Inligting wat ek versamel het, was my eiendom, na my wete. Dit was nie verskaf deur bronne van BSB nie en daardie lêers het ek wel by my huis gehou. Dit was myne.

Ek verstaan dit nie, maar ek gaan nie weer daarop in nie, mnr. Botes. Dit gaan my verstand te bowe. Kom ons praat liever (10) maar net oor die dokumentasie. Hoe lank was u met hierdie stelsel besig? Wanneer het u begin om hierdie stelsel te volg om afskrifte van dokumente te maak en dit te hou? -- Afskrifte van dokumentasie het ek gemaak in voorbereiding vir die ouditeur. Dit is waaroor dit gegaan het. So basies het dit gegaan oor afskrifte van die finansiële state soos - daarby bedoel ek die aanvra van geld vir lede. Met ander woorde wat ek gedoen het, as 'n lid geld aanvra, dan het ek die verwysing daarop gesit en ek het 'n kopie daarvan gehou. Omdat ek 'n probleem gehad het, dokumentasie het weggeraak in die verlede.

(20) Mnr. Botes, die vraag was wanneer het u hiermee begin? -- Ek kan nie die presiese datum onthou nie. Dit was, as ek reg onthou, die maand voorafgaande min of meer, Augustus.

So, eers hier teen die einde van u verbintenis met die BSB. -- Dit is korrek, ja.

As hier 'n getuie kom wat sê dat u deurentyd, so lank as wat hy onder u gewerk het, die gewoonte gehad het om afskrifte van dokumentasie te maak en dit in lêers te hou, wat sal u daarvan sê? -- Die lid is meer as welkom om die bewering te maak. Ek sal bly wees as die lid dit kan staaf.

(30)  
En sê u/..

En sê u dit is nie so nie? -- Dit is nie so nie.

Is u bereid om die dokumentasie wat u wel in u besit het aan beamptes van die kommissie te doen? -- Ek is bereid om dit te doen.

Dit wat betrekking het op die kommissie sal ek voorlê.

VOORSITTER: Nee, die advokaat sê - u sê daar is niks wat op die kommissie betrekking het nie, so dankie vir die aanbod. -- Ek is bereid om dit voor te lê, mnr. die Voorsitter. Ek het nie 'n probleem daarmee nie.

Al die dokumente wat u in u besit het? -- Al die dokumente  
(10)  
wat ek het. Ek is bereid om dit voor te lê.

MNR. HATTINGH: U het ook strydig met beleid van die BSB lede van u streek by u huis ontvang en BSB-aangeleenthede daar bespreek en beplan en so meer, nie waar nie? -- Dit is oop vir bespreking. Dit was nie noodwendig beleid nie.

Kom ons kry dan net eers die feite, het u gereeld mense van u streek by u huis ontvang? -- As vriende, ja.

Net as vriende? -- As vriende, ja.

Nie om BSB-aangeleenthede te beplan of te bespreek nie?

-- Nie om BSB-aangeleenthede te beplan en te bespreek nie.  
(20)

Het u ook wapens en plofstowwe en die tipe van dinge wat u vir die BSB aangekoop het by u huis soms geberg? -- Dit is reg, ja. Ek het met my privaat voertuig die wapens gaan haal en dit gaan aflewer by BSB se hoofkantoor en daardie voertuig was by my huis met daardie wapens.

U het dit nie uit die voertuig gehaal en in u motorhuis geberg nie? -- Ek het, ja.

Hoekom? -- Omdat ek die voertuig wou gebruik het vir my plaasbedryghede op daardie stadium.

Kom ons kom nou eers 'n bietjie by u openbaarmaking van u bedrywighede as lid van die BSB. Hoekom het u dit goed gedink om werklike name van u medelede aan die Vrye Weekblad te ver- strek?

-- Die werklike name van die lede betrokke is die lede wat werklik betrokke was. Die res van die mense het ek nie bekend gemaak nie.

VOORSITTER: Die vraag is hoekom het u daardie mense se name bekend gemaak. -- Omdat dit die werklike mense is. Dit is sinneloos om vir die publiek mense voor te hou wat nie bestaan nie, om 'n naam te noem wat nie bestaan nie. Om 'n identiteit te skep en 'n naam aan hom te koppel en dit aan die publiek voor te hou en hulle draai om en hulle sê vir jou wie is persoon Jan. (10)

Watter lid van die publiek sou dit vir u gevra het? -- Dit is seker oop vir bespreking, maar die feit is ..

Antwoord net die vraag, u hoef nie 'n bespreking te hou nie. -- Ek het binne my vermoë probeer om binne die waarheid te hou. Dit is hoekom ek die name gebruik het wat betrokke was.

Dit maak nie saak of u hulle in gevaar stel nie? -- Hulle het presies dieselfde houding teenoor my gehad. Hulle het my in gevaar gestel. (20)

MNR. HATTINGH: Wie is die "hulle" wat u in gevaar gestel het? -- 'n Persoon aan my onbekend wat my ware identiteit aan indirekte lede beskikbaar gestel het en net BSB kon dit gedoen het. Niemand anders kon dit gedoen het nie.

'n Lid van BSB kon dit gedoen het? -- 'n Of lede van BSB.

U weet nie wie dit is nie. -- Ek weet nie wie dit is nie.

U maak 'n afleiding dat dit 'n lid van BSB moes gewees het.

-- Dit kon net 'n lid van BSB gewees het. Niemand anders het geweet/

het geweet nie. (30)

Kom ons aanvaar dit vir 'n oomblik, maar u weet nie wie hy

is nie? -- Nee, ek weet nie wie hy is nie.

En nou gaan u en u gaan gee die name van 'n stuk of - ek het hulle nie getel nie, tien, twaalf ander mense. Hoekom? -- Omdat dit die mense betrokke was. Dit was die feite. Ek het niks weggesteek nie.

Maar hoekom net tien, twaalf name? Daar is tog baie meer mense by BSB betrokke. -- Daardie mense het op hierdie stadium van die wedstryd wat my betref niks met meer as dit - om 'n naam in te bring van iemand wat glad nie verband gehou het met dit wat gesê was nie vir watter goeie rede.

Ek verstaan nie, hoe bedoel u met die naam het nie verband gehou met dit wat gesê is nie? -- Die name wat genoem was, het verband gehou met dit wat BSB op daardie stadium in daardie konteks wat daar geskrywe was, was. So, ek het die name wat verband gehou het met dit wat ons in die koerant gesê het, was in daardie verband gebring. (10)

In watter verband het u die name genoem? -- As ek reg onthou het ek aan die verslaggewer in breë genoem ten opsigte van die ou BSB-hoofkantoor, spesmagte-hoofkantoor.

Daardie paragraaf uit u verklaring is uitgeblok in die dokument wat beskikbaar gestel is, maar ek het nou die oorspronklike een of die een wat nou nog die name bevat. Ek gaan hulle nie aan u lees nie, maar ek gaan vir u die voorafgaande paragraaf lees en dan die inleidende sin tot die paragraaf waar die name verskyn en dan sê u vir my wat is die verband waarin u dit nodig geag het om hierdie name te noem. In paragraaf 9 sê u: (20)

"Ek het geen opleiding ontvang nie en geen opdragte

is aan my/..

gegaan. Die naam van die organisasie is nie aan my  
genoem nie. Daar is gepraat van 'n organisasie, maar  
geen detail van enige aard is aan my verstrekkend nie. Ek  
is meegedeel dat ek later ingelig sal word. Ek het  
besef dat dit ten minste 'n militêre onderneming van  
'n hoogsgeheime aard was in wie se diens ek getree het"  
en nou net daarna sê u:

"By spesmagte hoofkantoor het ek die volgende mense  
ontmoet .."

en dan kom u met 'n reeks name. Wat is die verband waarin u dit  
nodig geag het om daardie name op daardie stadium te noem? -- (10)  
Daardie mense het ek op daardie stadium daar ontmoet en dit is  
hoekom ek dit aan die kommissie stel. Daardie mense is wat ...

Hoekom was dit nodig om dit te noem? -- Dit is die mense wat  
verband hou met die saak. Dit is die mense aan die einde van die  
dag wat die waarheid aan die kommissie kan openbaar wat my betref.

Het u daardie name vir die kommissie kom gee, mnr. Botes?  
-- Hierdie name het ek aan die kommissie gegee, dit staan hier  
geskrywe.

Voordat u dit vir die pers genoem het? -- Voordat ek dit vir  
die pers genoem het. (20)

Al daardie name? -- Hierdie name hier. Na my wete was hierdie  
name - ek kan dit nie onthou dat dit in die pers so genoem was  
nie.

VOORSITTER: Kan ek net dit vir u sê mnr. Botes, is ek reg of is  
ek verkeerd dat hierdie verklaring van u in besit van die  
pers gekom/..

K63.8

- 1757 -

BOTES

pers gekom het? -- Dit is korrek, ja.

(30)

Nou goed, hierdie verklaring, wie het dit aan die pers  
verskaf? -- Ek weet nie. Ek het dit nie aan die pers verskaf nie.

Hoe het dit gekom dat die verklaring in die besit van die pers gekom het? -- Ek weet nie. Ek het die verklaring gemaak deur 'n advokaat na my wete, Bertelsmann en Luitingh, en ek het nie hierdie verklaring aan die pers beskikbaar gestel nie.

Mnr. Bertelsmann het my die versekering gegee dat die verklaring nie deur hulle aan die pers gegee is nie en ek aanvaar dit. Nou kan u vir my verduidelik hoe dit by die pers uitgekom het? -- Ek weet nie. Ek stel dit aan u dat ek nie weet nie. Ek het dit definitief nie aan die pers oorhandig nie.

Het u prokureur dit aan die pers verskaf? -- Dit kan wees, (10)  
sonder my medewete. Ek het dit nie aan die pers oorhandig nie en ek het nie toestemming gegee dat dit aan die pers oorhandig word nie.

Mnr. Ferreira, kan u my inlig?

MNR. FERREIRA: Mnr. die Voorsitter, langs my sit 'n opdrag-gewer en hy deel my mee dat dit nie deur my opdrag-gewer, mnr. Van Zyl, aan die pers verskaf is nie.

VOORSITTER: Wel, dit is nou - die enigste mense wat dit gehad het, is die kommissie, mnr. Bertelsmann, u eie prokureur en uself en dit het by die pers uitgekom. -- Ek persoonlik het dit baie (20)  
definitief nie aan die pers beskikbaar gestel nie.

MR LUITINGH: Mr Chairman, I do not have a microphone, but I might be able to make a contribution towards this. I wanted to do so the other day, but apparently it was not necessary. I had the two copies of this statement of which there were only

two/..

K63.9

- 1758 -

BOTES

two. I gave a copy to Mr Erasmus that morning. Members of the press approached me and asked me if they could have a copy. I said (30)  
no, they cannot have a copy, they should go and see Mr Erasmus and ask him if they could have a copy. I do not know whether or



not he gave them a copy, but I did meet that specific person and in fact I might even be able to remember who he was at a later stage. I met him in the passage and he had in his hand a document and I asked him at that stage did you get a copy and he said to me yes. He did not say that he got a copy from Mr Erasmus, and I do not know where he did get it, but he could at that stage only have got copies from either me or Mr Erasmus and he certainly did not get it from me. Alternatively he might have pilfered it somewhere. He did not pilfer it from me because my copy was in my possession and that is the position in regard to that statement. (10)

CHAIRMAN: I appreciate what you say. Who typed the document?

MR LUITINGH: The document was typed in my chambers and the document was removed off disc on my instructions. I made that statement and I then took it to my learned leader in order to see to it that ..

CHAIRMAN: Did the witness get a copy?

MR LUITINGH: The witness did get a copy. The witness got a copy here.

CHAIRMAN: That morning?

MR LUITINGH: That morning he got a copy here and he then left (20) and after he left, and in fact I recall now it was Mr Potgieter I think that got a copy of that. Now, I think that Mr Potgieter should be able to shed light on this, because at that stage this witness had left the commission and

Mr Potgieter/..

K63.10

- 1759 -

BOTES

Mr Potgieter then got a copy after this witness had left. In other words this witness could not have given his copy because Mr Potgieter was in this room at the time that this witness had left (30) with his copy.

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter, mag ek net op een punt

instruksies kry by mnr. Verster? Mag ek hom nader?

Mnr. Botes, ek is nog steeds besig om te probeer vasstel waarom u dit goed gedink het om spesifiek hierdie name wat in paragraaf 10 van u verklaring genoem is openbaar te maak, bekend te maak. -- Hierdie name is aan die kommissie bekend gemaak soos ek dit gesien het. Aan die einde van die dag is dit die mense wat op daardie stadium openlik by die Kop betrokke was, die direkte lede wat ek op daardie stadium ontmoet het. Dit is die mense wat by die bestel betrokke was onder hierdie name. Dit is soos wat ek hulle geken het. Hulle was ook militêr. Party het range gehad, party was manere, party was mevrouens of mejuffrouens. Dit is wat soos ek hulle geleer ken het en dit is hoekom ek dit so aan die kommissie gebied het. Ek dink hierdie mense, na my wete, kon lig werp vir die kommissie oor hoe het dit toe gewerk en hoe het dit op 'n later stadium gewerk. (10)

Het u hierdie name aan die Vrye Weekblad genoem voordat u hierdie verklaring opgestel het? -- Nee, na my wete nie. Van die name het ek wel genoem. Die name van Joe Verster, Meerholtz ... VOORSITTER: Ek het u gevra om nie name te noem nie. Hoekom luister u nie as ek met u praat nie? -- Hy het my gevra of .. (20)

Dan antwoord u ja of u antwoord nee. -- Ja, ek het sommige van die name genoem, maar nie soos die lys hier staan nie.

MNR. HATTINGH/..

K63.11

- 1760 -

BOTES

MNR. HATTINGH: Maar van die name wat hier in hierdie paragraaf verskyn het, het u ook vir hulle genoem? -- Dit is korrek, ja.

By hulle werklike name? -- By hulle werklike name.

Waarom het u dit goed gevind? -- Omdat hulle werklike name, die persone is wat betrokke was. (30)

Mnr. Botes, u was baie bekommerd omdat u werklike identiteit bekend geraak het, u was bevrees vir die ANC gewees, dink

u nie dat hierdie mense dieselfde vrees gekoester het nie? -- Die wat ek bekend gemaak het, ja.

Nou, hoekom stel u hulle aan dieselfde gevaar bloot as wat u onder verkeer het? Doelbewus. -- Omdat ek deur hierdie organisasie as sulks, 'n lid of lede, in die situasie gestel was waar ek blootgestel was, waar my naam openlik op die straat gesit was. Dit is waaroor dit gegaan het.

U noem net 'n paar name. U het baie meer name geken as dié wat u hier genoem het. -- Dit is korrek. Hierdie het be- trekking gehad op hierdie voorval soos wat ek dit uitgespel het.

Watter voorval? -- Hier wat ek gesê het. Ek het op hierdie stadium hierdie mense ontmoet. (10)

Maar as u bedoeling was om die mense wat u naam geopen- baar het en u aan gevaar blootgestel het, se name ook te noem, hoekom noem u hulle nie? Hoekom noem u net hierdie? -- Omdat ek nie weet wie hulle is nie. As ek dit weet sal ek dit met groot graagte noem. VOORSITTER: Nou, maar hoekom noem u hierdie mense? -- Hierdie mense het ek aan die kommissie genoem.

Vir wat? Wat help dit my? -- Mnr. die Voorsitter, die indruk waaronder ek was om binne my vermoë te probeer om hier (20)  
lig te werp/..

K63.12

- 1761 -

BOTES

lig te werp op die onderwerp wat die kommissie moet ondersoek en ek dink hierdie mense, deur met hierdie mense te praat, kan die kommissie dalk by die waarheid uitkom aan die einde van die dag.

Oor wat? -- Oor dit wat die kommissie moet ondersoek.

Synde? -- Synde Streek 6 of binnelandse bedrywighede deur die BSB.

Nou hoekom het u nie gesê in u verklaring dat hierdie persone (30)  
dra kennis van wat Streek 6 doen nie? Waar het u dit gesuggereer?  
-- Ek kan nie dink dat ek dit pertinent gesê het of gesuggereer

het nie. Wat ek wel gesê het, is dat op daardie stadium het ek hierdie mense daar gekry.

MNR. HATTINGH: Wel, vergeet vir 'n oomblik dat u dit vir die kommissie openbaar het. U het nou pas erken dat u dit vir die Vrye Weekblad gesê het, hierdie koerant wat hierdie hele ding hier gepubliseer het. -- Ek het gesê sommige van die name wat betrekking gehad het.

Kom ons beperk ons dan by daardie sommige, hoekom het u daardie sommige name vir die Vrye Weekblad gegee? -- Omdat hulle van toepassing was op dit wat ek vir die Vrye Weekblad gesê het. (10)

By regte name? -- By regte name.

En u het geweet u stel hulle nou aan gevaar bloot? -- Vir dit wat dit werd is soos wat hulle my blootgestel het.

En u sê u het dit gedoen omdat u geglo het dat hulle betrokke was by die bekendmaking van u identiteit? -- Ek glo Joe Verster was daarby betrokke.

VOORSITTER: Maar die ander mense. Die advokaat vra u oor die ander mense. U het geen rede om hulle te verdink nie. -- Dit is oop vir bespreking.

Wel, bespreek/.. (20)

K63.12

- 1762 -

BOTES

Wel, bespreek dit. Het u hulle verdink of het u hulle nie verdink nie? -- Op hierdie stadium het ek almal verdink, want ek was...

So, almal .. -- Ek was afgesny in die sin ...

Dit is al wat ek wil weet, u het almal verdink? So, elkeen het u identiteit openbaar? -- Nie elkeen het dit openbaar nie.

Enigeen kon dit openbaar het. Dit is waaroor dit gegaan het.

Het u die mense verdink, ja of nee? Antwoord net die vraag. (30)  
-- Ja, ek het hulle verdink.

MNR. HATTINGH: Hoekom noem u dan net sommige name as u almal verdink

het? -- Omdat daardie mense wat betrekking gehad het op dit wat ek daar gesê het genoem was.

Mnr. Botes, u antwoord maak vir my hoegenaamd geen sin uit nie. -- Ek het nie 'n man wat niks verband gehou het met dit wat ek in die koerant gesê het gaan haal buitekant en hom daar neergesit en hom aangespreek sommer net om sy naam te noem nie. Daardie name was genoem in 'n sekere konteks en dit is wat daar bespreek was. Dit is hoekom daardie name genoem was.

Maar u noem die werklike name omdat hulle u naam geopenbaar het? -- Ek noem die werklike name omdat dit die feite was. Ek kon nie 'n storie voorhou met vals name nie. (10)

Hoekom nie? -- Hoe verduidelik jy 'n storie? As jy 'n persoon X het, en dit is nie die persoon se naam nie, en jy heg 'n storie aan 'n persoon wat nie bestaan nie, want 'n vals naam bestaan nie. Die persoon bestaan nie in werklikheid nie. As 'n man se naam Piet Poggenpoel is dan is hy Piet Poggenpoel.

U kon nie vir die koerant gesê het meneer, ek gaan vir jou hulle/..

K63.15 - 1763 - BOTES  
(20)  
jou hulle administratiewe name noem, want ek gaan nie hulle regte name openbaar nie, want dit kan hulle aan gevaar bloot- stel sodat die koerant dan sal weet dat hy praat van 'n skuil- naam en nie van 'n werklike naam nie? -- Die koerant het hulle werklike naam genoem. Dit is al wat die koerant genoem het. Hy het geen meer detail gegee oor hoe hulle lyk of wie hulle is of waar hulle woon nie. Hy het slegs 'n naam genoem en ek dink as ek die telefoonboek vat is daar baie mense met min of meer dieselfde name of dieselfde name.

Wat is van u geopenbaar, mnr. Botes? -- Wat is van my geopenbaar? (30)

Ja. -- My huisadres en my huistelefoonnommer is geopenbaar.

En dit het u indirek te wete gekom? -- Indirek te wete gekom.  
Hoe het u dit te wete gekom? -- 'n Man het dit vir my vertel.  
Wie is die man? As dit 'n BSB-lid is, noem sy administratiewe naam. -- Die man se naam is Ben Blake. Hy is nie 'n BSB-lid nie.

Nie 'n BSB-lid nie? -- Nee en meer as dit het ek 'n oproep gehad deur 'n man met die naam van Dave, dit kon enigiemand gewees het.

U het nie geweet wie Dave is nie? -- Nee, ek weet nie wie Dave is nie.

Wat was die oproep gewees? -- Dave het gesoek na 'n lid van BSB by my wat ek geweet het werk vir BSB. (10)

Het hy vir u gesê hy soek 'n lid van die BSB? -- Hy het nie gesê hy soek 'n lid van die BSB nie.

Hy het net vir u 'n naam ... -- Hy het dit in die

konteks/..

K63.15

- 1764 -

BOTES

konteks genoem dat die naam kon, het daarop gedui dat dit is 'n BSB-lid.

Vertel vir ons, moenie so indirek praat nie, mnr. Botes, wat het die man vir u gesê? -- Die man het vir my gesê hy soek 'n lid .. (20)

'n Lid? -- 'n Lid.

Van wat? -- 'n Persoon by die naam van Kevin.

Kom nou, mnr. Botes. Wat het hy gesê? -- Ek gee vir u die feite. Hy het gesê hy soek 'n persoon by die naam van ...

Nie 'n lid nie? -- Nie 'n lid nie, 'n persoon.

Ja? -- Hy het nie gesê 'n persoon nie. Hy het gesê hy soek vir Kevin. Kevin was 'n direkte BSB-lid. Kevin was nie die man se ware identiteit nie. Kevin sou onder geen omstandighede wat my betref my identiteit geopenbaar het nie. (30)

Wat het die man nog vir u gesê, hy soek vir Kevin? -- Hy soek vir Kevin. Kevin sal by my wees, toe sê ek vir hom ek weet nie, kan ek hom help.

Was Kevin 'n lid van die BSB? -- Kevin was 'n lid van die BSB, ja.

Was hy 'n lid van die streek? -- Ek het Kevin geken onder daardie naam.

Was hy 'n lid van die streek? -- Hy was lid van my streek, ja.

Het hy by u huis gekom? -- Hy het by my huis gekom.

En u het net die mense in 'n vriendskapshoedanigheid by u huis onthaal? -- Hy het by my huis gekom in sy regte naam. Hy het nie daar gekom as Kevin nie. Hy het gekom as 'n vriend van my. (10)

Dit is al wat die persoon vir u gesê het? -- Hy het hierdie persoon gesoek en ek het gevra, ek weet nie waar die man is/..

K63.18

- 1765 -

BOTES

man is nie, kan ek vir hom 'n boodskap gee.

Ja, en toe? -- Toe sê hy ek moet hom net vra om vir Dave te kontak, dit is al. (20)

En daarna, wat het nog gebeur wat u laat dink het .. -- Daarna het ek Kevin se huis gebel en net die boodskap deurgegee soos wat ek dit gekry het.

Wat het nog gebeur wat u laat dink het dat u identiteit is geopenbaar? -- 'n Ander persoon met die naam van Ben Blake het my genader en gesê ek skuld 'n indirekte lid by BSB iets soos R10 000, hy hoor by die Rhodesiërs dat die ou het vir my gewerk en hy het geen idee gehad oor BSB, hierdie Ben Blake nie. Dit is 'n siviele persoon. Hy het geen idee wie of wat BSB was, of daar enige konnotasie was tussen my en die betrokke lid nie. Die naam (30)

wat ek gebruik het by die betrokke persoon wat wel dan vir BSB gewerk het, is Michelle. Hy het geen idee gehad wie ek is nie. Dit moes aan hom geopenbaar gewees het wie ek werklik was, anders kon Ben Blake dit nooit vir my gesê het nie.

En die indirekte lid, het hy geweet waar u u bevind? -- Ek weet nie. Ek glo hy weet.

Kon hy dit geweet het? -- Hy kon dit geweet het.

So, hy kon die inligting verskaf het. -- Nee, ek is nie nou by nie. Die indirekte lid het nie geweet waar ek was nie. Die indirekte lid het my geken as Michelle op 'n "pager". Hy het geen ander toegang tot my gehad nie. Toe kom 'n buite- staander (10) heeltemal, 'n siviele lid, toe sê hy vir my ek ver- neem die man het vir jou gewerk, jy skuld hom X bedrag geld, toe sê ek waar kom jy daaraan, toe sê hy nee, hy hoor by die Rhodesiërs.

VOORSITTER: Ja, netnou het u gesê die man het van die BSB gepraat en al/..

K63.18 - 1766 - BOTES

gepraat en al die klas van goeters. Het Ben Blake vir u gesê van, gepraat dat u 'n lid van BSB is? -- Ben Blake het gepraat van (20) 'n lid wat indirek vir BSB gewerk het. Hy het nie gesê BSB nie. Hy het gesê jy skuld hierdie man geld, dit is die bewering wat gemaak word, wat is die konnotasie tussen jou en hierdie man en dit was onmoontlik - as iemand nie daardie inligting gelek het nie, is dit onmoontlik, dit kon nie uit- gekom het nie. Die afsny tussen my en die betrokke lid was honderd persent. Daar was nie lekkasies op daardie stadium dat hierdie lid op enige manier my ware identiteit op daardie sta- dium kon bepaal nie.

MNR. HATTINGH: Het u ooit direkte onderhandelinge met hierdie persone gehad, hierdie indirekte lede, van aangesig tot aangesig? (30) -- Ja, ek het.

En wanneer dit gebeur het, was u vermom of het u .. -- Nee,



ek was oop soos wat ek nou is.

Soos u nou is? -- Dit is korrek.

So, die indirekte lede het geweet hoe u lyk? -- Hy het geweet hoe ek lyk, ja.

Was dit nie ook 'n oortreding van die werkswyse van die BSB nie? -- Na my wete is dit nie. Ek kan nie sien hoe kan jy 'n man ontmoet met 'n vals gesig op as jy met hom besigheid doen nie en enigiemand wat dit aan hierdie kommissie stel dat hy as 'n lid van die BSB oop ontmoetings met lede van die publiek of indirekte lede van die BSB so gehad het, met uitsondering van tydens operasies, wil ek dit stel praat nie die waarheid nie. (10)

Het u nie aan die verslaggewer met wie u 'n onderhoud gevoer het gesê dat wanneer BSB-lede met indirekte persone onderhandel hulle hul vermom nie? -- Nee, ek het dit nie aan hom gestel/..

K63.19

- 1767 -

BOTES

hom gestel nie. Hy het dit gelees.

Het hy dit in hierdie berig gesê as sou dit van u afkomstig wees?-- Ek het dit nie so gesê nie. (20)

Het hy dit in hierdie berig gesê? -- Hy het insae gehad in die dokument soos aan die kommissie voorgelê waarin daar gesê word staande operasionele prosedures. Hy het self daar gelees neem ek aan ..

VOORSITTER: Ek het nie so 'n dokument nie. -- Dit sê dat sou jy ...

Waar kom daardie staande operasionele dokument vandaan?  
-- Dit is die dokument wat u daar ...

Ek het nie 'n staande operasionele dokument sover ek weet nie. -- Dan word dit iets anders genoem, maar na my wete het ek dit gesien. (30)

Daar staan niks daarvan nie? -- In die optrede, hoe moet jy

optree, dit is waaroor dit gaan.

Het u dit vir hom gegee? Het u vir hom daardie dokument gegee?

-- Hy het dit ter insae gehad, ja.

Het u dit vir hom gegee? -- Ek het dit vir hom gegee, ja.

Wel, ek het dit nog nie gesien nie. -- Dit is die dokument wat gaan oor hoe moet daar opgetree word.

Wel, ek het geen operasionele dokument basies van BSB gesien nie.

MNR. HATTINGH: Ek verwys na die koerantberig "Enige metode toelaatbaar" - onder die opskrif "Enige metode toelaatbaar". Die heel laaste sin van daardie beriggie lui soos volg: "Wanneer BSB-lede met sogenaamde indirekte lede praat moet hulle vals snorre of baarde en 'n pruik dra, 'n sonbril word ook aanbeveel." -- Dit is soos dit geskrywe staan. Ek het dit nie aan hom so gesê nie.

U sê/..

K63.20

- 1768 -

BOTES

U sê het hy dit in 'n dokument van die BSB gelees? -- Hy het dit gelees. Ek het dit nie aan hom so gesê nie.

Kyk, u praat van 'n dokument wat ook nie aan my onder daardie naam bekend is nie. Wat noem u dit? -- Ek weet nie of dit onder daardie naam - dit is standaard operasionele optrede, hoe sou u optree in 'n sekere situasie.

VOORSITTER: Kan u vir my 'n afskrif van die dokument gee, asseblief? -- Ek dink nie ek het die dokument in my besit meer nie.

MNR. HATTINGH: Wat sou dan daarvan geword het?

VOORSITTER: Mnr. Bertelsmann, ek dink u kliënt is in besit van die dokument. Kan ons die dokument sien?

MNR. BERTELSMANN: Mnr. die Voorsitter, ek sal moet instruksies kry.

VOORSITTER: Neem asseblief instruksies.

MNR. BERTELSMANN: Mag ek dan vir 'n oomblik verskoon word.

VOORSITTER: Is hy nie in besit daarvan nie?

MNR. BERTELSMANN: Nee.

MNR. HATTINGH: Was dit 'n amptelike BSB-stuk gewees? -- Ja.

Wat amptelike prosedures voorskryf? -- Ja.

En het daar dan in daardie stuk so iets gestaan? -- Ja.

Hoekom het u dan nie daardie opdrag uitgevoer nie? -- Omdat daardie opdrag soos dit daar geskrywe staan net in sekere gevalle van toepassing is.

Dit is nie hoe dit hier staan nie. -- Daardie is van toepassing  
(10)  
indien ek rooi, 'n operasie sou uitvoer, om my identiteit te beskerm. Hierdie lid, indirekte lid, was besig met 'n saketransaksie en nie met 'n rooi optrede nie.

Maar dan kon u mos maar u regte naam ook vir hom gegee het?  
-- Ek kon nie my regte naam op daardie stadium aan hom  
gegee/..

K63.20

- 1769 -

BOTES

gegee het nie.

Maar u het dan nou 'n saketransaksie met hom aan die gang  
(20)  
gehad? -- Dit is korrek. Hy het op daardie stadium opgetree vir 'n moontlike aankoop van 'n eiland van die Mosambiekse kus af in opdrag van Verster. Hy het gaan kyk na wat is die potensiaal vir die benutting van daardie plek en hoe kan ons dit moontlik aankoop. Dit was die transaksie. Ek het vir hom gesê ek verteenwoordig 'n konsortium van sakemanne en ek sal belang stel om dit aan te koop en voorlopig sal ons dit op daardie basis hanteer.

Dit is die transaksie wat op daardie stadium tussen ons twee bedryf was.

Was dit dan nie 'n rooi plan nie? -- Ja en nee. Nee, in die  
(30)  
sin van dit is 'n operasie wat openlik as 'n saketransaksie bedryf sou word. Rooi sou wees kies ek 'n teiken, ongeag of dit 'n

persoonlikheid of iets anders sou wees, met in gedagte eleminering of ontwrigting van daardie teiken soos wat die doelstellings dit beskryf, dan sou dit 'n rooi operasie wees waar ek my donkerbril of my Balaklawa of 'n kussingsloop of iets dergeliks, 'n vals baard of 'n snor met 'n derde hotelkamer sou gebruik vir hierdie ontmoeting.

Het hierdie persoon geweet waar u u blouplanbesigheid vanaf bedryf? -- Nee.

Mnr. Botes, kom ons kom nog 'n bietjie by u praterij teenoor die Vrye Weekblad. Wie het vir wie genader? -- Ek het hulle genader. (10)

Was daar 'n spesifieke rede hoekom u juis die Vrye Weekblad gekies het van alle koerante? -- Ja.

Ja, wat was dit? -- Die rede was dat die indruk wat ek gekry het, was dat hulle oor die algemeen neutraal verslag- gewing doen, dat hulle nie gekoppel was aan die linkses of

aan die/..

K63.22

- 1770 -

BOTES

aan die regering van die dag nie.

(20)

Is dit die rede waarom u hulle verkies het? -- Dit is die rede hoekom ek met hulle gepraat het.

Was daar geen ander koerant wat na u oordeel neutraal verslag doen oor onderhoude wat hulle met persone voer nie? -- Nie die indruk wat ek gekry het tot nog toe nie.

Hierdie blad wat nou so neutraal verslag doen het nou al verskeie verdraaiings van u weergawe gepubliseer, nie waar nie? -- Ek het dit nie woordeliks aan hom aangebied nie. Hy het dit so gepubliseer.

Mnr. Botes, wanneer het u besluit om hulle te gaan sien? -- Die week voorafgaande, ek dink 'n dag, twee dae voordat dit gepubliseer was. (30)

Op daardie stadium was u reeds bygestaan deur 'n prokureur en 'n advokaat, nie waar nie? -- Dit is korrek.

In verband met u eise teen die BSB? -- Dit is korrek.

Het hulle u vergesel? -- Nee, hulle het nie.

Het hulle geweet u gaan dit doen? -- Nee, hulle het nie.

U het nie hulle advies gevra nie? -- Nee, ek het nie.

Is daar 'n rede hoekom u dit nie gedoen het nie? -- Ek het dit nie nodig geag nie.

Nou, wat presies was u doel met die openbaarmaking wat u wou maak? -- Die openbaarmaking dink ek het ons in detail mee gehandel (10)  
vroeër. Die rede daarvoor was ek was op daardie stadium blootgestel oor 'n redelike tydperk en dit het breekpunt bereik.

Wat het die breekpunt veroorsaak? -- Die breekpunt, soos ons vroeër gesê het, was die feit dat my ware identiteit was bekend gemaak aan indirekte lede.

Wanneer het dit gebeur? -- Dit het gebeur na ek by BSB  
weg is/..

K63.23

- 1771 -

BOTES

weg is, iewers, ek gaan raai, tussen Januarie en Aprilmaand. (20)  
Ek het bloot toevallig - ek wil net daar verder sê, terwyl die verslaggewer by my was, het ek 'n oproep gekry van die lid wat laat blyk het.

Wat wat laat blyk het? -- Dat hy weet wie ek is of wat dan 'n indirekte of 'n direkte lid ...

VOORSITTER: Ja, maar dit kon dus nie die breekpunt gewees het nie, want toe het u klaar gebreek. -- Dit was nie die breekpunt nie. Dit is korrek, ja.

Nou goed, verduidelik nou weer van voor af wat die breekpunt veroorsaak het. -- Die breekpunt het daarvoor gegaan dat in BSB as sulks was my naam uitgesit dat ek sou met die koerant vooraf (30)  
gepraat het wat ek nie gedoen het nie. Ben Blake het dit vir my

gestel dat hy weet ...

Maar dit verstaan ek glad nie. Hoe veroorsaak dit 'n breekpunt? Hulle sê u praat met 'n koerant, u het nie gepraat nie, nou praat u met die koerant om daardie probleem te onder- vang. -- Dit is korrek. Wat gebeur het, is 'n lid het na my toe gekom toe sê hy lede binne die BSB aanvaar dat jy is die man wat met die koerant gepraat, jy is die man wat hulle nou blootstel op hierdie stadium. Op daardie stadium was al my kontak met BSB-lede afgesny, ek mag nie met hulle gepraat het nie. Hierdie lid het uit sy eie uit na my toe gekom en vir my hierdie feite (10) gegee en gesê daar was gepraat, almal aanvaar dat jy het die feite gegee. BSB het vir my 'n bedreiging ge- word in die sin van hulle was bedreig nou deur my, want ek sou as sulks die koerant genader het en ...

Nou bedreig u hulle? -- Nou bedreig ek hulle. Dit is waaroor dit gegaan het.

MNR. HATTINGH: En wanneer het hierdie gesprek plaasgevind? --

Hierdie gesprek/..

K63.25

- 1772 -

BOTES

(20)

Hierdie gesprek het vroeër plaasgevind. Ek kan nie die presiese datum onthou nie. Ek het dit nie aangeteken nie.

Min of meer. U was netnou bereid om 'n raai te waag en .. -- Dit was iewers tussen Februarie of wanneer die koerant ook al gepubliseer was. Die gesprek het net plaasgevind die week na die koerant, die Sondagkoerant, gepubliseer was.

Dit kon verlede jaar gewees het het u vroeër vandag gesê. -- Dit kon verlede jaar gewees het, ja. Al hierdie faktore het bygedra tot op 'n punt.

Ja, maar ons probeer by die breekpunt kom, mnr. Botes. Ons (30) is nou nog sewe maande van die breekpunt af. Wat was die breekpunt en wat het dit veroorsaak? -- Soos ek dit vir u ge- stel het hierdie

feite het saamgeloop en aan die einde van die dag het ek op 'n punt gekom waar ek blootgestel was aan dit wat ek nie skuldig was aan nie.

Daardie punt het al ses maande vroeër gekom of maande vroeër gekom. -- Nee, daardie punt het gekom mettertyd. Elke ding het bygetel aan die einde van die dag.

Maar ons het nog net van twee of drie dinge gehoor. Watter ander dinge praat u nou van? -- Dit is waarvan ek praat, die twee of drie waarvan u gehoor het.

En hulle het gekom weke voordat u na die koerant gegaan het. (10)  
-- Ja.

En u het gepraat van 'n breekpunt. -- Dit is korrek, ja.

Nou, wat was die breekpunt? -- Daardie bydraende faktore. Ek het op daardie dag besluit tot hier toe en nie verder nie. Nou praat ek ook met die pers, nou kan almal die feite sien soos dit is.

En dit kon weke voor Meimaand gewees het wat u met die verslaggewer gepraat het. -- Nee.

VOORSITTER/..

K63.27

- 1773 -

(20)

BOTES

VOORSITTER: As u sê u praat ook met die pers, wie anders het met die pers gepraat? -- Ek weet nie wie met die pers gepraat het nie. Dit is waaroor dit gaan. Daar was 'n berig wat - 'n onbekende persoon het berig in die Sondagkoerant. Dit is wat die probleem was.

MNR. HATTINGH: Maar wanneer het hierdie breekpunt dan nou gekom, mnr. Botes? -- Die week wat ek met die koerant gepraat het waarna ek vir advokaat Bertelsmann en Luitingh gaan sien het, met hulle die saak bespreek het in detail en in breë met die verslaggewer gesels het oor die hele storie, die agtergrond soos ek dit gesien het. (30)

Nee, kom ons kry dit nou net duidelik. U sê die breekpunt het gebeur kort voordat u met die koerant gepraat het. -- Ons het op 'n punt - ek het op 'n punt gekom, ja waar ek bereid was om met die koerant te praat.

En dit was die breekpunt? -- Dit was die breekpunt. Daardie besluit was die heel tyd in my agterkop. Ek het dit nooit geneem nie tot daar en daar het ek besluit - dit was die breekpunt toe ek besluit het nou gaan ek met die koerant praat.

Iets moes u daardie besluit laat neem het wat u so 'n lang tyd al oorweeg het. -- Dit is korrek, ja.

Wat was daardie iets? -- Daardie omstandighede wat alles 'n klein druppeltjie bygedra het soos wat ons nou die afgelope half uur bespreek het.

Mnr. Botes, kan ek net vir u vra toe u die eerste keer vir mnr. McNally kom spreek het in verband met hierdie aangeleentheid, het u die kommissie genader of het beamptes van die kommissie u genader? -- Beamptes van die kommissie het my genader.

Wie het u/..

K63.29

- 1774 -

BOTES

(20)

Wie het u genader? -- My prokureur het my genader. Die beamptes van die kommissie het vir mnr. Van Zyl genader, mnr. Van Zyl het my genader.

En met die versoek dat u hulle moet te woord kom staan. -- Dit is korrek.

En toe doen u dit? -- Toe doen ek dit, ja. Hy het gesê - die prokureur se woorde aan my was, mnr. McNally wil met ons praat, hulle wil vir ons iets sê, hy weet nie wat nie. Ons moet gaan en hoor wat wil hulle vir ons sê. Dit was sy woorde. Ek het gegaan om te hoor wat wil hulle vir ons sê.

(30)

Wat gebeur toe toe u by mnr. McNally opdaag? -- Toe mnr. McNally opdaag - mnr. McNally, kolonel Wright, myself en die



prokureur gesit. Hulle het vir my gevra - ek kan nie woorde- liks onthou nie. In breë trekke het dit gegaan oor waar is die lêers van Streek 6, dit was omtrent die hoofonderwerp.

Kom ons begin net 'n bietjie, het hy vir u gesê dat hy weet dat u by die BSB betrokke is of het u vir hom gevra hoe weet hy dit? -- Ek het dit nie vir hom gevra nie. Ek het aan- vaar hy weet dit aangesien ek by die polisie was vantevore en as hy dit nie geweet het nie sou hy waarskynlik nie die pro-kureur genader het om ..

Praat u van die besoek aan die Minister van Wet en Orde? --  
(10)  
Dit is korrek, ja.

Goed, hy vra toe vir u waar Streek 6 se lêers was. -- Dit is korrek.

Wat was u antwoord daarop? -- Ek het vir hom gesê ek weet nie. Ons het uitgebrei. Hy het vir my gevra wat kan ek vir hom vertel oor binnelands. Ek het die Mhlaba-aangeleentheid opgebring. Ek het vir hom gesê dit wat ek weet ...

Wag 'n bietjie, wat het het u oor Mhlaba gesê? Ons het  
dit nou/..

K63.29 - 1775 - (20)  
BOTES

dit nou reeds gehoor, maar wat ... -- Wat ek oor Mhlaba gesê het, is al wat ek weet van binnelands is 'n verkenning was gedoen. Ek het dit nie aan hom gestel dat die verkenning was gedoen met die woord eliminerings nie.

Hoekom nie? -- My uitgangspunt was dit ek het slegs ver-kenning gedoen op daardie basis.

Maar u weet wat die verkenning was, volgens u weergawe, wat op Mhlaba gedoen was. -- Dit is korrek, ja. Op daardie stadium het ek totaal onvoorbereid, ek het dit ook so aan hulle gestel, gekom en aan die kommissie gesê al wat ek kan onthou, en dit was  
(30)  
vaag, was daardie voorval.

Wat van die voorval kon u onthou? -- Slegs dat die verkenning gedoen was en ek het dit ook so na my wete aan mnr. McNally gestel, dat ek nie die detail gehad het oor die storie nie en hy vir my gesê het goed, hulle aanvaar dit so.

Daardie ontmoeting het plaasgevind 16 Maart vanjaar, is dit korrek? -- Dit is korrek, ja.

Op daardie stadium was u nog besig om met generaal Webb te onderhandel oor betaling van u eis, nie waar nie? -- Dit is korrek.

U het nog gehoop u eis gaan betaal word, nie waar nie? -- Ek was in onderhandeling met generaal Webb, ja.

U het gehoop u eis gaan betaal word, mnr. Botes. -- Ek het nie gehoop nie. Ek het verwag dat dit gaan betaal word. (10)

Maar u het geweet dat daar geskille bestaan het oor die omvang van daardie eis, nie waar nie? -- Nee, op daardie stadium was dit nie so gewees nie.

Mnr. Botes, ek wil ..

VOORSITTER: Was daar nie 'n geskil nie? -- Daar was - die rekening was gelewer, maar daar was nog nie op daardie stadium gesê ons/..

K63.30 - 1776 - (20)  
BOTES  
gesê ons gaan nie die rekening betaal nie. So daar was nie 'n geskil nie.

So, wat u aanbetref die geld gaan kom. -- Dit was in onderhandeling, die geld gaan kom. Daar was nie op daardie stadium gesê nee, ons gaan jou nie betaal nie. Daar was nie 'n dispuut oor die geld nie.

MNR. HATTINGH: Wat was die totale bedrag van die eis gewees, mnr. Botes? -- Ek kan nie die presiese bedrag onthou nie. Ek kan die dokument kry. Ek dink dit is in besit van my advokaat.

Het hy nou te voorskyn gekom. Ons het verneem .. (30)

MNR. FERREIRA: Dit is beskikbaar.

VOORSITTER: Ja, laat die getuie net daarna kyk. -- Op daardie stadium was die bedrag 1,491 miljoen betrokke asook twee verdere bedrae, een van R135 360 en 'n verdere bedrag wat op daardie stadium onder bespreking was, R751 401.

MNR. HATTINGH: Oor die R2 miljoen, nie waar nie, wat onder bespreking was? -- Dit is korrek, ja.

En u sê op daardie stadium was daar nog geen geskil oor enige van die items wat op daardie dokument verskyn het nie. -- Nie op daardie stadium nie, nee.

Wanneer - laat ek dit vir u so stel, daarna het u verder (10)  
onderhandel met generaal Webb in verband met daardie eis, nie waar nie? -- Dit is korrek.

En uiteindelik is daar 'n ooreenkoms bereik oor - of nie 'n ooreenkoms nie, uiteindelik is daar deur weermagkant aan u gesê wat hulle bereid was om te betaal, nie waar nie? -- Daar is deur generaal Webb aan my persoonlik 'n betaling gedoen en die res van die eis wat deur generaal Webb aan my prokureur en advokaat verwys na die regsafdeling van die weermag. Vir die

eerste keer/..

K63.31

- 1777 -

(20)  
BOTES

eerste keer het die weermag direk ter sprake gekom, dit was in daardie gesprek en dit was daar verwys en gesê hy kan nie eise hanteer namens die weermag nie, hy verwys ons na die regs- afdeling.

Het u toe na die regsafdeling toe gegaan? -- Ek het nog nie op hierdie stadium nie.

Nou, hoekom nie, mnr. Botes? -- Omdat ek besig is om met my prokureur en advokaat te onderhandel oor hoe presies om dit te benader.

VOORSITTER: Met ander woorde, kan ek dit so vir u - hy het u 'n (30)  
bedrag betaal. -- Dit is korrek.

Hoeveel omtrent? -- Daar is 'n gedetailleerde verslag...

Ja, maar net .. -- Hulle met my 22 000 - na afhandeling van wie wat geskuld het, was die finale bedrag 22 000 - nee, dit is nie die dokument wat ek ...

So, van die twee miljoen het hy u 22 000 betaal? -- Nee, nee, die bedrag was groter.

MNR. FERREIRA: Mnr. die Voorsitter, die getuie verwys na 'n verslag wat in my besit is wat ek in herondervraging sou geopper het.

VOORSITTER: Ja wel, die vraag word nou gevra. -- Die bedrag ter sprake was R75 696,09 en die totale bedrag aan my verskuldig na finale afhandeling, nadat dit wat reeds aan my betaal was verhaal was, was R22 421,09. (10)

Met ander woorde na u debat met generaal Webb het u die R22 000 gekry. -- Dit is korrek.

In pleks van twee miljoen wat u .. -- Nee, nee, dit was vir my as persoon. Hierdie is afhandeling van my as persoon se rekening.

Maar die res het hy u nie betaal nie? -- Die res het hy my nie/..

K63.32 - 1778 - BOTES  
(20)  
my nie betaal nie. Hy het my verwys ...

En hy het gesê as u 'n eis het moet u dit na die regs- afdeling vat. -- Dit is korrek.

Met ander woorde wat hom aanbetref hy gaan u nie betaal nie. -- Dit is korrek.

U moet maar 'n hofsaak maak, of u moet met die regsafde- ling praat. -- Hy het dit aan my gestel dat hy nie die eis kan hanteer nie, maar dat die regsafdeling ...

Ja, want hulle betwis dit? -- Hy het nie gesê dat hy dit betwis nie. Hy het net gesê hy kan nie die eis hanteer nie, die regsafdeling sal die eis hanteer. (30)

Maar ek verstaan nie. Hy betaal dan 'n deel van u eis. --

Hy het die deel wat op my persoonlik betrekking gehad het, het hy betaal vir my direk.

Met ander woorde hy het nie aanspreeklikheid aanvaar vir die res nie? -- Nee, hy het nie. Hy het my verwys na die regsafdeling.

U moet met die regsafdeling praat. -- Ja.

MNR. HATTINGH: En u sê u het nou nog nie 'n kans gehad om met die regsafdeling te gaan praat nie, te onderhandel nie? -- Ek het nie met die regsafdeling onderhandel nie.

U regsmense het ook nie met hulle gaan onderhandel nie namens u. -- Ek weet nie of hulle op hierdie stadium kennis gegee het van voorneme nie. (10)

Ag, hulle sal u tog seker inlig, mnr. Botes. -- Ek het op hierdie stadium met hulle bespreek hoe om die saak te benader as gevolg van die aard van die transaksies.

Wie is die hulle wat u nou van praat? -- My prokureur, Hennie van Zyl.

Maar nie met die regsafdeling nie? -- Nie met die  
regsafdeling/..

K63.33 - 1779 - BOTES  
(20)

regsafdeling nie.

Kom ons kyk na wat u sê in paragraaf 52 van u verklaring op bladsy 14.

"Die BSB was ook aan my in my persoonlike hoedanigheid 'n aansienlike bedrag verskuldig wat gedeeltelik aan my uitbetaal is. Die weermag weier op hierdie stadium om uitstaande betalings aan my of my agente te maak en het my na die regsafdeling verwys met die kommentaar dat ek aksie teen die weermag moet instel. Ek is van voornemens om dit te doen." -- Dit is korrek. (30)

VOORSITTER: Nou maar dit is nie wat u nou net vir my gesê het nie. Ek het nou mooi vir u gevra, presies die teenoorgestelde

te kenne gegee. -- Mnr. die Voorsitter, wat ek vir u probeer sê is die agente in hulle persoonlikheid kan nie die weermag kom aanspreek nie.

Nee, ek het vir u gevra en u het vir my gesê dit is nie so nie. Ek het vir u gevra generaal Webb het vir u gesê hulle gaan nie betaal nie. U het gesê nee. -- Nee, dit is nie so nie.

Nou maar dit is nou net daar uit die beëdigde verklaring gelees.

MNR. HATTINGH: U sê hulle weier om te betaal. -- Generaal Webb het gesê - met ander woorde generaal Webb het nie betaal nie, dit is wat dit beteken, en ons verwys na die regsafdeling. (10)

Hy het vir u gesê, volgens wat u nou hier gesê het, hy kan nie die agente se eise hanteer nie. -- Dit is korrek, ja.

Dit moet deur die weermag hanteer word. -- Dit is korrek.

Nou wat van die uitstaande bedrag wat aan u verskuldig is? -- Die uitstaande bedrag aan my verskuldig het ons nou mee gehandel/..

K63.35 - 1780 - BOTES  
gehandel in 'n dokument, dit was betaal. Ek staan op hierdie stadium in ... (20)

VOORSITTER: Ten volle? -- Ten volle.

MNR. HATTINGH: Maar wat staan dan hier in die verklaring, mnr. Botes? -- 28 Februarie, as ek reg onthou, was die datum wat hulle dit aan my betaal het.

Goed, en u verklaring maak u op 10 Mei 1990. -- Ja.

En in u verklaring sê u die BSB was ook aan my in my persoonlike hoedanigheid 'n aansienlike bedrag verskuldig wat gedeeltelik aan my uitbetaal is. -- Dit is korrek, ja.

VOORSITTER: Is dit die waarheid of is dit nie die waarheid nie? -- Nee, dit is nie die waarheid nie. Hulle het aan my betaal wat ons ... (30)

Ten volle? -- Ten volle wat ons oor ooreengekom het.

Ja, want u sê u gaan hulle dagvaar vir die uitstaande betalings aan my. -- Mnr. die Voorsitter, dit gaan oor die uitstaande betaling aan my lede.

Nee, nee, u sê aan my of my agente. -- Nee, dit is foutief. Dit moet lees deur my aan my agente.

MNR. HATTINGH: Maar volgens die verklaring is daar nog aan u 'n bedrag verskuldig en daarom sê u u gaan hulle dagvaar. -- Dit is nie korrek nie.

Nou, hoe het die fout ingesluip? -- Dit is foutief bewoord. (10)  
Ek het dit nie so bewoord nie ...

Maar u het dit geteken? -- Ek het dit geteken. Ek weet ek het dit geteken. Die bedoeling is daar ek staan in namens die mense. Daardie geld moet deur my aan die mense betaal word. Ek staan in as verteenwoordiger vir daardie lede.

Sê u dus dat u eis ten volle betaal was? U persoonlike eis. -- My persoonlike eis is ten volle betaal.

En dat dit/..

K63.37

- 1781 -

BOTES  
(20)

En dat dit 'n fout is wat hierso staan. -- Dit is korrek, ja.

En dat u persoonlik hulle nie gaan dagvaar nie, dat dit die lede sal wees wat hulle sal moet dagvaar? -- Ek persoonlik gaan hulle dagvaar namens my lede. Ek kan nie deur my lede hulle dagvaar nie. Die transaksies wat plaasgevind het, was tussen my en die lede en nie tussen die lede en hulle nie. Ek het ingestaan as verteenwoordiger van hulle.

Dit sal 'n interessante bevinding wees, maar ons laat dit maar daar, mnr. Botes. Wanneer is u eis, u persoonlike eis tot u bevrediging afgehandel? -- Op 28 Februarie 1990. (30)

En sê u dat u daarna nie meer onderhandel het vir be- taling

van geld vir uself nie? -- Nee, ek het nie. Dit was die laaste dag wat ek met generaal Webb onderhandel het of met die weermag as sulks by spesmagte onderhandel het oor betaling vir myself.

U was toe tevrede dat weermag skuld u niks meer nie? -- Dit is korrek.

Maar u was nog steeds nie tevrede dat u lede betaal moes word nie? -- Dit is korrek.

VOORSITTER: Wanneer het u met generaal Joubert onderhandel?

-- Ek het met generaal Joubert onderhandel op 7 Desember 1989.

MNR. HATTINGH: Het u terloops toe u met generaal Joubert gepraat het en gesê het u gaan Joe Verster breek? -- Nee, nie in sulke woorde nie. (10)

Ek word meegedeel dat generaal Joubert so gaan getuig en hy sit hier in die kommissiesaal vandag. -- Ek wil dit aan die kommissie stel dat die strekking van die gesprek tussen my en generaal Joubert was dat ek het gevoel, en ek het dit so aan hom gestel, dat na ek en Verster gestry het, Verster gedreig

het om/..

K63.38

- 1782 -

BOTES  
(20)

het om my dood te maak, ek gevoel het om presies dieselfde met Verster te doen. Ek het dit so aan hom gestel en ek het gesê daarna het ek besluit om deur my prokureur op te tree.

En hom te breek op 'n ander manier as om hom dood te maak? -- Ek kan hom nie op 'n ander manier breek nie. Op watter ander manier?

Deur hom aan die kaak te stel as die leier van 'n geheime organisasie met die gevaar wat daarmee gepaardgaan wat u ook oor kla. -- Dit is nie waar nie. Ek het dit nie so aan generaal Joubert gestel nie.

(30)

Nou, nog van dokumente gepraat. U het nie net die dokumente gehad wat u nou vir ons van vertel het nie, mnr. Botes. U het nog



ander dokumente ook gehad. -- Soos wat?

Soos paspoorte van lede. -- Paspoorte van lede? Die enigste lede se paspoorte wat ek gehad het, was my eie en dié van 'n lid wat ek op 'n latere stadium vir hom gegee het.

Wanneer het u die ander lid se paspoort vir hom gegee? -- Na ek by die BSB weg is. Ek kan nie die presiese datum onthou nie.

Hoekom het u sy paspoort gehad? -- Dit is 'n paspoort wat ek vir hom gereël het in Suidwes.

U het ook vir mnr. Verster 'n paspoort gereël. -- Dit is korrek.

En is dit waar die foto vandaan kom? -- Ek weet nie. Ek weet nie waar daardie foto vandaan kom nie. (10)

U weet nie waar die foto vandaan kom nie? -- Nee, ek weet nie waar ...

Sê u u het nie hierdie foto aan die Vrye Weekblad gegee nie? -- Ek het hom nie aan die Vrye Weekblad gegee nie.

Het u ooit vir mnr. Verster 'n paspoort gereël? -- Ja, ek het. Ek het/..

K63.39

- 1783 -

BOTES  
(20)

het. Ek het dit gesê.

Hierdie foto wat hierop verskyn, is dit die foto wat op die paspoort was? -- Dit kan wees, ek weet nie. Ek het die paspoort gereël, ek het die foto's ingehandig, die paspoort teruggebring en dit aan mnr. Verster oorhandig.

Ek praat onder korreksie, maar ek dink mnr. Verster se weergawe sal wees, indien hy weer daarom gevra word, dat u nog steeds daardie paspoort het. Hy skud sy kop, ek is verkeerd, maar is dit nie waar u hierdie - is dit nie waar die Vrye Weekblad hierdie foto gekry het nie, want hy sê sover hy weet is dit 'n foto wat op sy paspoort wat u vir hom gekry het, verskyn. -- Ek het dit aan u gestel dat ek nie weet nie. Ek het die foto's (30)

ingehandig met die aansoek vir die paspoort. Ek het die paspoort gekry. Na my wete het Verster nou erken hy het die paspoort ontvang. Ek het nie die foto's nie en ek het nie die foto vir die Vrye Weekblad beskikbaar gestel nie aangesien ek nie die foto gehad het om dit aan hulle beskikbaar te stel nie.

U weet ook glad nie waar hulle hom gekry het nie? -- Ek weet nie waar hulle hom gekry het nie.

Goed, ons is nog besig met die geld, mnr. Botes, ek wil aan u stel dat u hoegenaamd nie tevrede was dat u eis afgehandel is nie. U houding is nog steeds dat daar aan u en u agente, aan u ook, geld verskuldig is. -- Dit is 'n bewering wat u maak. (10)

En ek wil dit aan u stel dat dit waarskynlik die rede was waarom u nie vir mnr. McNally die inligting verstrek het, dat u nou later, toe u vasgestel het hulle gaan nie betaal nie, wel kom openbaar het. -- Ek wil dit aan u stel dat dit nie die waarheid is nie. Ek het by finale betaling vir generaal Webb

'n verklaring/..

K63.40

- 1784 -

BOTES

'n verklaring gegee wat ek gesê het hiermee aanvaar ek volle en finale vereffening. As ek enige persoonlike eis verder teen hom wou instel sou ek nie vir hom in my handskrif so 'n verklaring gegee het nie. (20)

Kan ek dit vir u so stel, mnr. Botes, die betaling van die eise wat u namens die agente ingestel het, was deur u en generaal Webb bespreek, nie waar nie? -- Sommige van hulle wel, ja. Twee van hulle.

En u kon hom nie tevrede stel dat hierdie geld inderdaad deur die BSB aan agente verskuldig is nie. -- Dit is nie waar nie.

U kon hom ook nie tevrede stel dat ..

VOORSITTER: Nee, die vraag is uit sy oogpunt gesien. Hy was nie tevrede nie. Ek bedoel nie uit u oogpunt nie. Dit is wat die (30)

advokaat .. -- Mnr. die Voorsitter, my mening is dit is nie waar nie.

Nee, die vraag is het u hom oortuig of het u hom nie oortuig nie? -- Ons het twee van die 18 lede op die rekening bespreek en niks verder as dit nie.

Nee, antwoord net die vraag. Die vraag is het u hom oortuig dat daardie gelde verskuldig is aan daardie twee lede.

-- Ek het dit aan hom gestel dat...(tussenbei)

Nee, ek vra u vir die vyfde keer, het u hom oortuig? -- Ek weet nie of hy oortuig was nie. Hy het dit nie gesê nie.

Het dit vir u geklink of hy oortuig was? -- Hy het op daardie stadium geen beswaar daarteen geopper nie. (10)

Dit is al wat ek wou geweet het.

MNR. HATTINGH: Het hy vir u gevra hoe weet ons dat as die geld vir u betaal word dat dit inderdaad na agente toe gaan? -- As ek reg onthou het hy, ja. Ek het aangebied en gesê indien hy

'n probleem/..

K63.42

- 1785 -

BOTES

'n probleem daarmee het kan hy iemand saamstuur met die betaling van lede. (20)

En dit was net met betrekking tot die twee? -- Nee, dit was die aanbod. Op daardie stadium het ons twee bespreek, maar dit het gegaan oor 'n lys op skrif en hy het vir my na twee voorvalle gevra. Ons het twee spesifieke bedrae bespreek. Die res wat nooit bespreek tussen my en generaal Webb nie.

Nie een van die ander sowat 13 items op die rekening nie? -- Nie een van die ander was bespreek nie. Generaal Webb het wel by 'n latere geleentheid in die teenwoordigheid van 'n advokaat gesê dat hy ten volle vertrouwd is met die volledige rekening waaroor dit handel wat nie waar was nie. (30)

Kom ons kry net daardie stelling, watter geleentheid was dit

dan? Teenoor watter advokaat was dit? -- Dit was laas Februarie terwyl myself, 'n prokureur by die naam van Hennie van Zyl en indien ek die advokaat se naam reg het, Willem Pienaar, in generaal Webb se kantoor teenoor Pienaar, dat hy is volledig vertrouwd met elkeen van daardie lede en dit was nie waar nie. Ons het ...

Elkeen van daardie wat? -- Elkeen van daardie lede, elkeen van daardie eise. Hy het die detail om elkeen gehad.

En u sê dit was nie waar nie? -- Dit was nie waar nie.

Het u hom gekonfronteer daarmee? -- Hy het gesê hy hoor dit nie aan nie, dat ons moet dit vir die regsafdeling gee. Hy het dit aan ons gestel dat hy is volledig vertrouwd daarmee, hy hanteer nie die eis nie en hy het ons verwys na die regsafdeling. (10)

VOORSITTER: Met ander woorde behalwe die twee wat julle gedebateer het, het hy die res uit sy oogpunt van die tafel af gegee.

-- Dit is korrek en hy het nie geweet waarom dit

gaan nie/..

K63.42

- 1786 -

BOTES

gaan nie.

U sien, u skep die indruk tot dusver asof hy oor die ander julle het nie daarby uitgekom nie, want julle sou nog daarby uitgekom het, maar intussen blyk dit dat hy dit van die tafel afgegee het. Hoekom gee u nie 'n reguit antwoord op 'n eenvoudige vraag nie? -- Wel, hy het ons verwys na die regsafdeling. Dit is soos wat hy dit van die tafel afgegee het. (20)

MNR. HATTINGH: Het hy u uitgevra oor die ander items op die rekening, mnr. Botes, toe u die eerste gesprek met hom gevoer het? -- Oor watter items?

Oor die ander behalwe die twee wat u van melding gemaak het. -- Nee, hy het nie, met uitsondering van een wat gegaan het oor wapens wat ons bespreek het. (30)

Kan u aan 'n rede dink waarom hy u oor twee uitvra en nie oor die res nie? -- Nee, ek weet nie.

Het u hom gevra? -- Ek het nie.

VOORSITTER: Maar ek dog u het nou net gesê hy het gesê hy weet alles van die ander eise, u moet maar na die regsafdeling toe gaan. -- Dit het hy gesê op die finale dag toe ons verwys is na die regsafdeling. Dit was nie voor die tyd.

Wanneer was die finale dan? -- Die finale een was, as ek die datum reg onthou, 27 Februarie of - hy het dit die week voor dit, die Vrydag, as ek die dag reg onthou, was die prokureur en die (10)  
advokaat saam met my by hom en toe het hy dit gesê.

MNR. HATTINGH: Mnr. Botes, is dit korrek dat u in die onderhandeling of tydens die onderhandelinge 'n sperdatum gestel het waarteen u betaal moes word anders sou u na die pers toe gaan? -- Nee, ek het dit nie gestel dat ek na die pers toe sou gaan nie. Ek het wel gevra aangesien die onderhandelinge net

elke keer/..

K63.45

- 1787 -

BOTES

elke keer aangestoot was soos 'n bal dat teen daardie datum, en (20)  
ek het dit deur 'n prokureur gedoen by die naam van Cloete van der Merwe, dat ek graag teen daardie datum - as ons dan nog nie reggekome het nie, moet hulle aanvaar gaan ek hulle dagvaar om my geld te kry. As ek sê my geld bedoel ek lede se geld, die uitstaande bedrag. Dan moet hulle aanvaar gaan ek hulle dagvaar vir daardie geld.

So, die dreigement was dagvaarding gewees? -- Die dreigement was dagvaarding, as dit 'n dreigement was. Ek het dit gesien as die enigste anderste opsie aangesien ek na die regsafdeling verwys was.

Is daardie datum op 'n stadium verleng met twee dae? -- Ek (30)  
het dit nie verleng nie. Die prokureur het dit verleng.

Hoekom is dit nodig om 'n verlenging te kry van twee dae net om 'n dagvaarding te voorkom? -- My persoonlike mening is, die prokureur kan vir homself praat, die verlenging was om sover moontlik die onderhandelinge aan die gang te hou en dit nie te laat doodloop nie.

Wat is onderhandel in daardie twee dae wat toe nou gegun was? -- Ek weet nie. Die prokureur weet hy het die onderhandelinge gedoen. Ek het dit nie gedoen nie.

VOORSITTER: So, daar was onderhandelinge gewees na 28 Februarie? -- Die onderhandeling was deur 'n prokureur gedoen, dit is korrek, ja, in die proses om - hy het op daardie stadium na my wete met die staatsprokureur gaan praat. Mnr. die Voorsitter, ek kan nie namens hom praat nie, maar dit is soos hy dit aan my gestel het. (10)

MNR. HATTINGH: Maar ek dog dan hy moes na die regsafdeling van die weermag toe gaan? -- Ek weet nie waar hy was nie. Ek het dit vir hom so gestel.

Het u nie/..

K63.47

- 1788 -

BOTES  
(20)

Het u nie vir hom gevra wat gaan aan in verband met hierdie eise nie, wat gebeur, was jy by die regsafdeling, wat doen jy? Ek betaal jou. -- Ek het hom gevra. Ek het hom nie betaal nie.

Het jy hom gevra? -- Ek het hom gevra.

En wat was sy antwoord? -- Hy het vir my gesê ek onderhandel met die mense, hulle sal terugkom na my toe.

U het geweet hy onderhandel nog met generaal Webb, nie waar nie? -- Nee, ek het nie geweet hy onderhandel met generaal Webb nie. Hy het dit aan my gestel dat hy onder andere, en dit is soos wat hy dit aan my gestel het, met die staatsprokureur praat. Hy het nie vir my in detail uitgelê wie sê wat en hoe sê hulle dit (30)

nie.

Mnr. Botes, ek wil dit aan u stel dat daar 'n verlenging van twee dae gegee was omdat dit 'n sperdatum was wat gegee is waarteen u na die koerante sou gegaan het as u nie bevrediging kry nie.

-- Dit is nie waar nie.

En na daardie twee dae verstreke was, wat het toe gebeur? -- Toe het ek teruggekom en hy het op daardie stadium vir my gesê hy is jammer, hy kan niks aan die saak doen nie en na dit het ek mnr. Van Zyl formeel aangestel op die saak as my prokureur.

Is daar al dagvaarding uitgereik? -- Na my wete nie.

(10)

Waarom was twee dae verlenging gegee as die dagvaarding so dringend was? -- Ek het vantevore vir u gesê ek het nie die twee dae verlenging gegee nie. Die prokureur was in onderhandelinge en hy het die sperdatum uitgestel. Hy het gesê kom ons praat met die mense, kom ons gee vir hulle meer tyd. Wat gebeur het, is elke keer as daar gepraat is, is ons net twee weke aangeskuif en daar gebeur niks en as jy iets sê dan skuif

ons twee/..

K63.48

- 1789 -

BOTES

(20)

ons twee weke aan en dan gebeur daar niks. Dit is al wat gebeur het.

En u het toe 'n sperdatum vir 'n dagvaarding gestel.

VOORSITTER: Ekskuus tog, wat was die sperdatum? -- Ek kan nie die sperdatum onthou nie.

Naastenby. -- My onderhandeling - ek kan nie onthou nie. Dit is hier ...

Die twee dae, wanneer is die uitstel verleen? -- Die prokureur het op eie inisiatief ..

Maar naastenby, wanneer? -- Ek weet nie, ek kan eerlik nie onthou nie.

(30)

MNR. HATTINGH: Maar u weet tog wanneer u sperdatum was en syne

was net twee dae later. -- Ek het nie 'n sperdatum in daardie sin gegee nie. Ek het net gesê kom ons handel dit af teen daardie tyd.

Indien ons nie ...

VOORSITTER: Wat is daardie tyd? -- Daardie datum kan ek nie onthou nie. Ek sal moet teruggaan na die prokureur toe. Dit was die onderhandeling tussen of die gesprek tussen my en die prokureur.

Ek het gesê kom ons kom by 'n datum en ons probeer net onderhandel tot op 'n punt. Dit help nie ons loop net elke keer oor en ons kom nêrens nie. Kom ons sê as ons by daardie tyd nie reggekrom het nie, dan gaan ons die saak formeel op skrif in die ope hof te beveg. Dit is waaroor dit gegaan het. Dit was die sperdatum. (10)

MNR. HATTINGH: En is daar nou al enige sodanige stappe gedoen om hierdie saak nou formeel, soos u dit stel, in 'n ope hof te beveg? -- Die stappe wat tot nog toe gedoen was, is die gesprek tussen my en die prokureur oor die benadering van hoe om elke eis te hanteer. Dit is wat tot nog toe gedoen was.

En dit is nou al amper drie maande gelede. -- Ek kan nie dink of/..

K63.50

- 1790 -

BOTES  
(20)

dink of dit so lank gelede was nie.

VOORSITTER: Ja, ek weet nie wat die sperdatum is nie. Wat sê u is die sperdatum? Weet u?

MNR. HATTINGH: Mnr. die Voorsitter, ek sal graag instruksies daarop wil neem. Ek het ook nog nie 'n geleentheid gehad om hierdie rekening met generaal Webb te bespreek nie omdat ek nie 'n afskrif gehad het nie. Ek sal dit gedurende die etens- uurverdagings doen.

VOORSITTER: Mnr. Hattingh, daar is 'n ander ding, gaan u nou die getuie ondervra oor die Vrye Weekblad?

MNR. HATTINGH: Ek gaan hom vra oor bewerings in die Vrye Weekblad. (30)

VOORSITTER: Kan ek dan suggereer - mnr. Botes, kan u asseblief



daardie berig nou neem oor etenstyd, lees die berig, merk wat u sê nie van u kom nie of wat verkeerd is, u volg, onderstreep dit. Ek dink dit sal baie makliker dan gaan, dat ons kan kyk of ons nie vinnig tot 'n punt kan kom nie.

MNR. HATTINGH: Mag ek versoek dat hy dit ook ten opsigte van die volgende week se uitgawe doen?

VOORSITTER: Ja, as u die twee berigte sal neem en merk wat u nie mee saamstem nie. -- Binne my vermoë sal ek dit doen.

Ek dink ons sal net soveel vinniger gaan. Ek wil nie 'n te groot punt van die storie maak nie. Ek dink nie dit is heeltemal so belangrik nie.

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR MIDDAGETE.

**Collection Number: AK2300**

**HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990**

**PUBLISHER:**

*Publisher:- Harms Commission of Inquiry*

*Location:-*

**©1990**

**LEGAL NOTICES:**

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.